

Bruin gesinne se belewenisse van die negatiewe uitwerking van ouerlike alkoholmisbruik

Estelle van den Berg en Abraham P. Greeff

Estelle van den Berg, Departement Sielkunde, Universiteit Stellenbosch
Abraham P. Greeff, Departement Sielkunde, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Die doel van hierdie verkennende, kwalitatiewe ondersoek was om vas te stel hoe gesinne deur die probleem van ouerlike alkoholmisbruik geraak word. Die teoretiese raamwerk vir hierdie ondersoek is gesinsisteemteorie, waarvolgens gesinne oop, deurlopende, doelsoekende, selfregulerende sosiale sisteme is wat op hulle beste verstaan kan word in die konteks van interaksies en sisteemverhoudings. Die studiepopulasie was bruin gesinne waarvan 'n ouer alkohol misbruik wat in die Wes-Kaap woon. Hierdie populasie is geteiken aangesien die Wes-Kaap die provinsie met die hoogste voorkoms van alkoholmisbruik in Suid-Afrika is. Om hierdie hoë voorkoms te verstaan, behoort die agtergrond en oorsprong, met spesifieke verwysing na Suid-Afrika se verlede en die sogenaamde dopstelsel, in ag geneem te word. Alhoewel daar reeds kwantitatiewe ondersoeke in verband met alkoholmisbruik in Suid-Afrika gedoen is, is hierdie ondersoek daarop gemik om die persoonlike lewenservarings van gesinne wat elke dag met die probleem van ouerlike alkoholmisbruik saamleef, vas te vang. Dit is verkry deur middel van 'n kwalitatiewe-onderzoek-ontwerp. Verteenwoordigers van 18 gesinne waarvan een of albei ouers vir ses maande of langer alkohol misbruik het, het aan die ondersoek deelgeneem. Inligting is deur middel van semigestruktureerde onderhoude ingesamel en tematies ontleed.

Resultate toon dat ouerlike alkoholmisbruik 'n negatiewe uitwerking het op finansies (byvoorbeeld deur geld wat vir die huisgesin bedoel was, op drank te spandeer), die gemeenskap (byvoorbeeld kinderverwaarlosing wat in die gemeenskap voorkom), die gesin in sy geheel (byvoorbeeld gesinslede wat met mekaar baklei), gesondheid (byvoorbeeld ander gesinslede wat spanning ervaar), die huwelik (byvoorbeeld huweliksmaats wat liefdeloosheid in die huwelik ervaar), kinders (byvoorbeeld 'n negatiewe uitwerking op kinders se skoolwerk) en loopbane (byvoorbeeld 'n ouer wat sy/haar werk verloor). Die bevindinge van hierdie ondersoek vul 'n leemte in die literatuur en kan sinvol aangewend word in die ontwikkeling van alkoholmisbruikvoorkomings- en ingrypingsprogramme.

Trefwoorde: alkoholmisbruik; gesin; gesinsisteemteorie

Abstract

Coloured families' experiences of the negative effect of parental alcohol abuse

The purpose of this study was to determine how coloured families are affected by the problem of parental alcohol abuse. The theoretical framework for this study is family systems theory, with specific reference to the work of Bowen (1974), Broderick (1993), Haley (1996) and Minuchin (1974). According to this theory, which has its origin in general systems theory (Von Bertalanffy 1968), families are social systems that should be studied as a whole, rather than studying individual members in isolation (Broderick 1993). A change in the functioning of one family member is, as can be expected, followed by reciprocal changes in the functioning of the other family members (The Bowen Centre – Theory 2016). A family is therefore a system or “whole” in which a problem such as parental alcohol abuse necessarily affects all family members or “parts”.

Alcohol abuse is a major problem worldwide and affects not only individuals, but families and communities as well. In South Africa, too, alcohol abuse is a considerable problem, with an overall prevalence of as high as 38,7% (Van Heerden, Grimsrud, Seedat, Myer, Williams and Stein 2009:358). The Western Cape is the province with the highest lifetime prevalence of substance abuse in South Africa, and alcohol is the most frequently abused substance (Harker, Kader, Myers, Fakier, Parry, Flisher, Peltzer, Ramlagan and Davids 2008:7). Also, alcohol abuse seems to be highest among the coloured population group (Harker et al. 2008:9) and in rural areas (Harker et al. 2008:10).

Alcohol abuse has played a role in South Africa since the arrival of the European settlers, when drunkenness, smuggling of liquor, gambling and violence became part of the daily life of inhabitants (Parry 2005:426). The “dop” system, through which workers were paid for their labour in the form of wine, further contributed to alcohol abuse’s becoming entrenched in the lives of workers and their families for generations (Setlalentoa, Pisa, Thekisho, Ryke and Loots 2010:S11). The “dop” system originated in the early years of colonial settlement in the Cape colony, when indigenous people started working on settler farms and were paid with tobacco, bread or wine (London 1999:1408; Mager 2004:736).

Alcohol abuse can potentially have various negative effects on individuals, families and communities. It can have a negative impact on an individual, both as a causal factor for various diseases and as a precursor to injuries and violence (WHO 2011:V). The harmful use of alcohol is a causal factor in more than sixty types of diseases, including neuropsychiatric disorders, gastrointestinal diseases such as liver cirrhosis and pancreatitis, various types of cancer (female breast cancer, larynx, liver, oesophagus and pharynx), cardiovascular diseases and diabetes mellitus (WHO 2011:20). Potential negative outcomes for children exposed to parental alcohol abuse include poor educational achievement, behavioural problems, mental health problems, as well as their abusing alcohol themselves (Gruenert and Tsantefski 2012:4). Alcohol abuse affects not only individuals and families, but also the community. Low productivity or absence from work as a result of intoxication or a hangover, for example, has a negative impact on the economy. There are also various costs associated with unemployment, damage from crime and traffic accidents, and the provision of health, criminal justice and social services to those affected by an alcohol-attributable problem (Myers, Louw and Pasche 2011:146; WHO 2007:21).

A phenomenological research design with a qualitative, exploratory research paradigm was applied, and data were collected by means of semi-structured interviews with family representatives. In order to participate in the study, families had to meet the following inclusion criteria: (1) at least one parent in the family had to have been abusing alcohol for six months or longer; (2) the parent still had to be abusing alcohol at the time of the interview; (3) the family had to reside in the Western Cape; (4) the family had to belong to the coloured population; and (5) it had to be a two-parent family. A total of 18 families participated in the study. In 15 cases, the mother acted as the representative of the family, and in one case the father. In two cases both the mother and a daughter who still lives with them at home participated on behalf of the family. Data were analysed by means of thematic analysis (Braun and Clarke 2006), and seven main themes emerged: the negative effects of alcohol abuse on finances, the community, the family, health, the marriage, the children and the adults' careers.

Theme 1 refers to participants' descriptions of all the ways in which parental alcohol abuse influenced the family's finances negatively. This theme relates to the spouse and parent-child subsystems on the micro-level as well as the macro-level, since it has an influence on the economy. The parent who abuses alcohol often spent money meant for the household on alcohol.

Theme 2 refers to participants' descriptions of all the ways in which alcohol abuse has a negative impact on people outside the participant's family. This theme pertains to the macro-level of ecological systems theory. Participants spoke about other families living nearby in which alcohol abuse is prevalent and the negative effects of this. In addition to cases of child neglect, the problem of drunken driving was also prevalent in this community.

Theme 3 refers to the ways in which alcohol abuse negatively affects the family as a unit. This theme includes the spouse, parent-child as well as sibling subsystems, and forms part of the micro-system. Sometimes the alcohol-abusing parent does not get along with other family members, keeps the family awake at night or fights with family members.

Theme 4 refers to the participants' descriptions of how alcohol abuse by a parent had a negative effect on their own health or their spouse's health. The parent who abuses alcohol sometimes developed health problems due to the alcohol abuse, and sometimes the alcohol abuse exacerbated an existing health problem. Healthcare or medical resources in a community form part of the exosystem describing the community- environment level (Visser 2007:25). The alcohol-abusing parent's spouse sometimes suffered from stress.

Theme 5 refers to participants' descriptions of how alcohol abuse negatively influenced the relationship between father and mother. This theme is related to the spouse subsystem as defined by family systems theory, and entails an effect on the micro-level. Both parents sometimes had extramarital relationships. The alcohol-abusing parent sometimes accused the other parent of having extramarital relationships, sometimes asked the non-alcohol abusing parent to drink with them, sometimes helped very little in the household, and sometimes spent very little time with the non-alcohol-abusing parent. Participants sometimes felt that their partners did not love them, that they caused their partner's alcohol abuse, and that they remained in their marriages only for the sake of their children. Participants also sometimes experienced fear, suicidal thoughts, lovelessness or poor communication in the marriage.

Theme 6 entails descriptions of how parental alcohol abuse negatively influenced the participating families' children. The children sometimes suffered from stress, or left school, or their school grades dropped; they were embarrassed to bring friends home, or started abusing alcohol or drugs themselves. In one case a child was molested by the parent that abused alcohol, and in another case a child fell pregnant at a very young age. In one case where a child also started drinking, the child was involved in a motor vehicle accident in which he became paralysed.

Theme 7 entails ways in which parental alcohol abuse had a negative influence on both the alcohol-abusing and the non-alcohol-abusing parents at work. Sometimes the parent who abuses alcohol lost his/her job due to alcohol, sometimes stole at work, sometimes did not show up at work on Mondays and sometimes went to work under the influence of alcohol. The parent who does not abuse alcohol sometimes had difficulty concentrating at work. This theme has implications on both the micro- and the macro-level.

From the results it is clear that parental alcohol abuse can have various negative effects on different domains of family life. These findings are important, since they fill a gap in the South African literature with regard to the subjective experiences of poor, coloured families in the Western Cape in which parental alcohol abuse is prevalent. These findings should be taken into consideration when developing interventions for families experiencing parental alcohol abuse. Suggestions for the content of such interventions are made.

The negative experiences of coloured families in the Western Cape with regard to alcohol abuse influence various subsystems within the family, as well as the wider community system as a whole. This problem can be explained from a systemic perspective by taking South Africa's historical background of apartheid and the "dop" system into account. The "dop" system became entrenched in the lives of coloured families in the Western Cape through the generational transmission of family problems, as described in Bowen's (1974) family systems theory, and therefore it is important to focus on family patterns over time in order to prevent or minimise the transmission of this problem to the next generations.

Keywords: alcohol abuse; family; family systems theory

1. Inleiding

Die doel van die huidige ondersoek was om vas te stel hoe gesinne deur die probleem van ouerlike alkoholmisbruik geraak word. Die teoretiese raamwerk vir hierdie ondersoek is gesinsisteemteorie, met spesifieke verwysing na die werke van Bowen (1974), Broderick (1993), Haley (1996) en Minuchin (1974). Volgens hierdie teorie, wat sy oorsprong in algemene sisteemteorie het (Von Bertalanffy 1968), is gesinne sosiale sisteme wat in hulle geheel bestudeer behoort te word eerder as om individuele lede in afsondering van mekaar te bestudeer (Broderick 1993). Gesinslede is afhanklik van mekaar en die interaksie en kommunikasie tussen individuele gesinslede moet bestudeer word om die gesinsisteem in sy geheel te verstaan (Broderick 1993). Interaksiepatrone tussen gesinslede veroorsaak, vestig en hou probleem- en nieproblematiese gedrag in stand (Johnson en Ray 2016:1). Gesinslede se verbondenheid maak hulle funksionering interafhanklik. 'n Verandering in een gesinslid se funksionering word, soos te verwagte, gevolg deur wederkerige veranderinge in die

funksionering van die ander gesinslede (The Bowen Centre – Theory 2016). ’n Gesin is dus ’n sisteem of geheel waarvan ’n probleem soos ouerlike alkoholmisbruik noodwendig al die gesinslede of “dele” raak. Binne die konteks van gesinsisteemteorie word ouerlike alkoholmisbruik as ’n wanfunksie as gevolg van ’n wanbalans in die funksionering van die gesinsisteem as ’n geheel beskou. Elke gesinslid speel ’n rol in die wanfunksionering van die wanfunksionerende lid (Bowen 1974:117).

Volgens gesinsisteemteorie word gesinne in hulle geheel saamgestel uit verskillende subsysteme, soos die egpaar-subsisteem, ouer-kind-subsisteem, broer-en-suster-subsisteem, grootouer-kleinkind-subsisteem, ens. Hierdie subsysteme, wat deel vorm van die groter gesinsubsisteem, word deur grense geskei en interaksies tussen grense word deur onuitgesproke reëls en patrone beheer. In wanfunksionele gesinne kan dit soms moeilik wees om grense vas te stel en in stand te hou (Minuchin 1985:291). In gesinsisteemteorie verwys ’n driehoek na ’n driepersoonverhoudingsisteem wat volgens Bowen (The Bowen Centre – Triangles 2016) die kleinste stabiele verhoudingseenheid is. Bowen meen dat ’n tweepersoonsisteem onstabiel is, aangesien dit min spanning kan hanteer voordat dit ’n derde persoon betrek.

Alkoholmisbruik is ’n reuseprobleem wêreldwyd wat nie net individue nie, maar noodwendig gesinne en gemeenskappe beïnvloed. In Suid-Afrika is alkoholmisbruik ’n groot probleem, met ’n algehele voorkoms van so hoog as 38,7% (Van Heerden, Grimsrud, Seedat, Myer, Williams en Stein 2009:358). Die Wes-Kaap is die provinsie met die hoogste lewenslange voorkoms van middelmisbruik in Suid-Afrika en alkohol is die middel wat die meeste in die provinsie misbruik word (Harker, Kader, Myers, Fakier, Parry, Flisher, Peltzer, Ramlagan en Davids 2008:7; PRWK 2010:6). Verder wil dit voorkom of alkoholmisbruik die hoogste onder die bruin bevolkingsgroep is (Harker e.a. 2008:9; KDBS 2009:6; KDBS 2012:8; Plüddemann, Parry, Cerff, Bhana, Harker, Potgieter, Gerber en Johnson 2006; Plüddemann, Dada, Parry, Bhana, Bachoo, Perreira, Nel, Mncwabe, Gerber en Freytag 2010:8), en of die voorkoms van alkoholmisbruik hoër op die platteland as in die stad is (Harker e.a. 2008:10; Morojele, London, Olorunju, Matjila, Davids en Rendall-Mkosi 2010:534; PRWK 2010:6).

In Suid-Afrika speel alkoholgebruik ’n rol sedert die aankoms van die Europese setlaars, toe dronkenskap, dranksmokkelary, dobbelary en geweld geleidelik deel geword het van die daaglikse lewe van die inwoners. Tydens die tweede helfte van die 20ste eeu het die skep van smokkelkroeë (sjebiens) gedien as ’n vorm van weerstand teen apartheidsbeleide wat ingestel is om die swart meerderheid te onderdruk (Parry 2005:426).

Die sogenaamde dopstelsel, waarvolgens werkers betaling in die vorm van wyn vir hul arbeid ontvang het, het verder daartoe bygedra dat drankmisbruik vir geslagte lank veranker geword het in die lewens van werkers en hul families (Setlalentoa, Pisa, Thekisho, Ryke en Loots 2010:S11). Hierdie stelling hou verband met Bowen se konstruk van intergeneratiewe projektering, waarvolgens aangevoer word dat die graad van angstigheid binne ’n gesin deur huidige vlakke van eksterne spanning en sensitiwiteit teenoor spesifieke temas wat deur generasies oorgedra is, bepaal word. Patrone, temas en rolle binne ’n driehoek word van geslag tot geslag oorgedra deur middel van die multigenerasieoordragproses (Brown 1999:96). Die dopstelsel het sy oorsprong in die eerste jare van koloniale nedersetting in die Kaap, toe inheemse mense op setlaarsplase begin werk het en met tabak, brood of wyn betaal is. Hierdie tradisie het oor die volgende 300 jaar ’n geïnstitusioneerde deel van boerderypraktyke in die Kaap geword (London 1999:1408). Bruin plaaswerkers is dikwels

met wyn eerder as met lone betaal, aangesien daar geglo was dat hulle sodoende meer gemotiveerd sou wees en meer effektief beheer sou kon word (Mager 2004:736).

Hierdie verskynsel sluit aan by Jay Haley se werk in verband met mag en beheer. Oorheersende lede of ongelyke magsdinamika moet aandag ontvang, anders kan dit tot vernietigende interpersoonlike patrone of negatiewe uitkomst in groepe lei (Connors en Caple 2005:100). Beheer en magstruktuur kan binne die konteks van sisteemteorie na lineêre magshiërargieë, onduidelike of oneerlike magsfigure verwys (Connors en Caple 2005:102).

Die misbruik van alkohol hou potensieel verskeie negatiewe gevolge in vir die individu wat alkohol misbruik, sy/haar gesin asook sy/haar gemeenskap. Alkoholmisbruik kan 'n negatiewe uitwerking op individue hê, beide as 'n oorsaaklike faktor vir verskeie siektes en as 'n voorloper tot beserings en geweld (WGO 2011:V). Die skadelike gebruik van alkohol is 'n oorsaaklike faktor in meer as 60 tipes siektes, insluitende neuropsigiatriese stoornisse, gastro-intestinale siektes soos lewersirroze en pankreatitis, verskeie soorte kanker (kanker van die vroulike bors, larinks, lewer, slukderm, mondholte en farinks), kardiovaskulêre siektes en diabetes mellitus (Mertens, Flisher, Ward, Bresick, Sterling en Weisner 2009:75796776; Parry, Patra en Rehm 2011:1718; Rehm, Baliunas, Borges, Graham, Irving, Kehoe, Parry, Patra, Popova, Poznyak, Roerecke, Room, Samokhvalov en Taylor 2010:817; WGO 2011:20). Die skadelike gebruik van alkohol behels 'n patroon van alkoholgebruik wat skade aan gesondheid veroorsaak (WGO 2011:21). Sogenaamde gevaarlike drinkers, wat persone is wat twee tot drie keer per week drink, meer as twee drankies per dag inneem, minstens twee keer per maand ses of meer drankies per geleentheid inneem, 'n vriend het wat besorg is oor hul drinkpatrone, en 'n risiko van gesondheid- en ander probleme loop, het 'n groter kans om 'n chroniese longkwaal, blaasontsteking of tuberkulose in hul leeftyd te ontwikkel (Mertens e.a. 2009:75796776).

Verskeie ondersoeke dui verder op 'n moontlike verband tussen die gebruik van alkohol, seksuele risikogedrag en die oordrag van MIV/Vigs en ander seksueel oordraagbare siektes (Fritz, Morojele en Kalichman 2010:398; Mertens e.a. 2009:75796776; Morojele, Nkosi, Kekwaletswe, Saban en Parry 2013). Alkoholmisbruik het ook 'n negatiewe invloed op 'n persoon se psige. Alkoholmisbruik kan byvoorbeeld tot stres en angs lei. Dit kan daartoe lei dat individue hulle inname verhoog in 'n poging om hul probleemsituasie te hanteer, maar dan net weer dieselfde ontugnugtering ervaar wanneer die uitwerking daarvan eindig (Setlalentoa e.a. 2010:S13).

Alkoholmisbruik beïnvloed gesinne op verskeie maniere. Alhoewel nie alle kinders wie se ouers alkohol misbruik, beduidende probleme ervaar nie (Burke, Schmied en Montrose 2006:5; Gruenert en Tsantefski 2012:3), word kinders in die meeste gevalle negatief beïnvloed. Verder wil dit voorkom of die uitwerking van alkoholmisbruik deur ouers ophopend is – hoe langer 'n kind blootgestel word aan ouers wat alkohol misbruik, hoe groter kan die impak daarvan op die kind wees (Burke e.a. 2006:6). Potensiële negatiewe uitkomst vir kinders wie se ouers drank misbruik, sluit in swak opvoedkundige prestasie, gedragsprobleme, geestesgesondheidsprobleme, asook om self drank te begin misbruik (Gruenert en Tsantefski 2012:4). Gesinne waarvan 'n ouer alkohol misbruik, beskou dikwels hul omgewing as minder samehangend, met 'n gebrek aan rituele en roetines. Sulke gesinne is geneig om nie hul gevoelens, warmte of omgee positief uit te druk nie, en het hoër vlakke van onopgeloste stryd (Burke e.a. 2006:9).

Dronkenskap en die gevolge daarvan kan dit vir ouers moeilik maak om daaglikse take soos skoonmaak, kos voorberei en toesig hou oor kinders uit te voer. Wanneer ouers onder die invloed van alkohol is, 'n babelas het, of alkohol-onttrekkingsimptome ervaar, kan hulle nalaat om hul kinders met huiswerk te help, met onderwysers te kommunikeer, seker te maak dat hul kinders skool bywoon, en seker te maak dat hul kinders betyds gaan slaap (Meredith en Price-Robertson 2011:2). Die ouer wat alkohol misbruik, kan geld wat vir die gesin bedoel was, aan alkohol bestee, wat dikwels tot armoede kan bydra (Setlalentoa e.a. 2010:S14). Verder word ouers se vermoë om in hul kinders se emosionele behoeftes te voorsien deur byvoorbeeld met hulle te speel of ander aktiwiteite saam te verrig, beïnvloed (Meredith en Price-Robertson 2011:2). Dit kan daartoe lei dat kinders verkorte kinderjare ervaar, aangesien hulle vanaf 'n jong ouderdom ouerrolle moet aanneem en na broers en susters moet omsien (Bancroft, Wilson, Cunningham-Burley, Backett-Milburn en Masters 2004:36). Volgens gesinsisteemteorie het ouers in hierdie geval hul bestuursrol, of ouerlike verantwoordelikhede wat nodig is vir die beheer, leiding en beskerming van hul kinders, prysgegee (Minuchin, Auerswald, King en Rabinowitz 1964:126).

Vorige ondersoekes het getoon dat oormatige alkoholgebruik dikwels 'n rol in al die belangrikste vorme van kindermishandeling speel, naamlik fisieke mishandeling (byvoorbeeld stamp, slaan, klap, skud, gooi, skop, byt, brand, verwurg of vergiftig), emosionele mishandeling (byvoorbeeld verwerping, afsondering, terrorisering of ignorering), verwaarlosing (byvoorbeeld om na te laat om kos en gesondheidsorg aan die kind te verskaf), seksuele mishandeling (byvoorbeeld om met geslagsorgane of borste te speel, orale seks of ekshibisionisme) of aanskouing van gesinsgeweld (Meredith en Price-Robertson 2011:4). Verdere vorme van kindermishandeling sluit in gedrag deur swanger vroue en vroue wat borsvoed wat die fetus of ontwikkelende kind in gevaar kan stel (Meredith en Price-Robertson 2011:4). Gesinne waarvan 'n ouer alkohol misbruik, kan geraak word deur huishoudelike geweld (Meredith en Price-Robertson 2011:4) of egskeidings (Setlalentoa e.a. 2010:S14).

Alkoholmisbruik raak nie net individue en gesinne nie, maar die gemeenskap. Lae produktiwiteit of afwesigheid by die werk as gevolg van dronkenskap of 'n babelas het 'n negatiewe impak op die ekonomie. So is daar heelwat kostes verbonde aan werkloosheid, skade as gevolg van misdad en verkeersongelukke, en die verskaffing van gesondheids-, strafregplegings- en maatskaplike dienste aan diegene met 'n probleem wat aan alkohol toegeskryf kan word (Myers, Louw en Pasche 2011:146; WGO 2007:21).

Met betrekking tot die gesondheidssektor is daar direkte en indirekte kostes wat ontstaan as gevolg van alkoholmisbruik. Kostes verbonde aan die behandeling van dwelmmisbruik, 'n toename in die gebruik van nooddienste as gevolg van alkoholverwante trauma, 'n toename in die gebruik van geestesgesondheidsdienste as gevolg van alkoholverwante psigiatriese probleme, en die oorbenuiting van mediese dienste as gevolg van alkoholverwante mediese komplikasies (Parry, Myers en Thiede 2003:137) is voorbeelde hiervan.

Alkoholmisbruik plaas ook druk op die Suid-Afrikaanse strafregplegingstelsel in terme van die kostes verbonde aan behuising en rehabilitasiedienste vir oortreders, tyd en kostes verbonde aan hofsake, kostes verbonde aan die slagoffers van misdad, en verliese as gevolg van diefstal. In Suid-Afrika is 'n verband tussen alkoholgebruik en misdad gevind, met 23% van Kaapstadse arrestante wat in die jaar 2000 gerapporteer het dat hul onder die invloed van alkohol was ten tye van hul beweerde oortredings (Parry e.a. 2003:137). Die totale kostes

verbonde aan drankverwante geweld, dronkbestuur en alkoholverwante siektes en beserings in die Wes-Kaap beloop ongeveer R6 miljard per jaar. Dit sluit mediese kostes, nooddienskostes, reghskostes en kostes van skade aan infrastruktuur in (PRWK 2010:3). Die Wes-Kaap het ook die hoogste voorkoms van dwelmverwante misdaad in Suid-Afrika, met 52 000 gevalle in 2008/2009 (PRWK 2010:3).

Alkoholmisbruik kan die tempo waarteen ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika plaasvind, belemmer (Parry e.a. 2003:137). Werkers wat alkohol misbruik, presteer nie goed nie. Afwesigheid, lae produktiwiteit (soos die onvermoë om sperdatums te haal of prosedures te volg), en 'n geneidheid tot werksverwante ongelukke demp werksprestasie en kan selfs tot afdanking lei (Setlalentoa e.a. 2010:S14).

Met inagneming van die geskiedkundige agtergrond en huidige vlakke van alkoholmisbruik onder die bruin bevolkingsgroep in die Wes-Kaap, asook die verskeie potensiële negatiewe gevolge daarvan vir die individu, gesin en gemeenskap, is daar besluit om 'n verkennende, kwalitatiewe-ondersoek-ontwerp te gebruik om 'n beter begrip te kry van hoe hierdie gesinne deur die krisis van ouerlike alkoholmisbruik geraak word. Hierdie insig is belangrik, aangesien dit nuttige inligting vir voorkomingsprogramme kan bied. Die tekort aan plaaslike ondersoeke wat kwalitatief van aard is en op gesinne fokus, laat ruimte vir die verkenning van hierdie gesinne se unieke ervarings.

Hierdie ondersoek het deel gevorm van 'n meer omvattende ondersoek in verband met veerkragtigheid in gesinne waarvan 'n ouer alkohol misbruik (vergelyk Van den Berg 2016). Deelnemers aan hierdie ondersoek is gevra om op verskeie vrae te reageer. Deelnemers is aanvanklik gevra om die navorser meer van hulle gesin te vertel, waarna hulle gevra is om te verduidelik hoe die alkoholmisbruik hulle gesin beïnvloed het, asook om te gesels oor die uitdagings of probleme wat hulle as 'n gesin moes oorkom. Hierdie vrae het verband gehou met die doel van die huidige artikel, naamlik om vas te stel, in deelnemers se eie woorde, hoe die alkoholmisbruik van 'n ouer hulle gesin geraak het. Deelnemers is ook verdere vrae gevra wat buite die omvang van die doel van die huidige artikel strek.

2. Navorsingsmetodologie

'n Fenomenologiese navorsingsontwerp is gebruik, aangesien dit fokus op die beleefde ervarings van gesinne en die betekenis wat hulle daaraan heg, eerder as die ontwikkeling van 'n teorie (Holloway en Todres 2003:348; Starks en Trinidad 2007:1372). Heidegger se verklarende fenomenologie (Lopez en Willis 2004:727; Reiners 2012:119) is gebruik, aangesien die ondersoek gefokus het op die ervarings en lewenswêreld van gesinne, met inagneming van die konteks van ouerlike alkoholmisbruik op die spesifieke betrokke gemeenskap (Lopez en Willis 2004:733). Verklarende fenomenologie het ook behels dat refleksiwiteit, die deurlopende proses van kritiese reflektoring op 'n mens self as navorser kon plaasvind as 'n manier om navorservooroordele in ag te neem (Sloan en Bowe 2013:1297). Hierdie vorm van fenomenologie het verder behels dat riglyne vir die praktyk voorgestel kon word (Lopez en Willis 2004:733; Matua en Van der Wal 2015:22). 'n Kwalitatiewe, verkennende navorsingsparadigma is toegepas omdat dit beskou word as die beste manier om inligting in te win oor gesinsdinamika in 'n spesifieke kultuur en konteks. Die databron wat in hierdie ondersoek gebruik is, was indirekte waarneming deur middel van

onderhoude. Inligting is ingesamel met behulp van semigestruktureerde onderhoude met gesinsverteenvoerders.

2.1 Deelnemers

Die deelnemers aan hierdie ondersoek is deel van 'n hoofsaaklik Afrikaanssprekende bruin gemeenskap in 'n klein dorpie in die Wes-Kaap met ongeveer 10 000 inwoners (Census 2011 – Main Place 2011). Om te kon deelneem, moes gesinne aan die volgende insluitingsmaatstawwe voldoen: (1) minstens een ouer in die gesin moes vir ses maande of langer alkohol misbruik het; (2) die ouer moes ten tye van die onderhoud steeds alkohol misbruik; (3) die gesin moes in die Wes-Kaap woon; (4) die gesin moes aan die bruin bevolkingsgroep behoort; en (5) dit moes 'n twee-ouer-gesin wees.

Altesaam 18 gesinne het aan die ondersoek deelgeneem. Alle deelnemers was Afrikaanssprekend. In 15 gevalle is onderhoude met die ma van die gesin gevoer, en in een geval met die pa. In twee gevalle is onderhoude met beide die ma en 'n dogter wat by hulle in die huis woon, gevoer. Tien onderhoude is by die kerkkantoor van 'n ander, nabygeleë gemeente van wie geen lidmate aan die ondersoek deelgeneem het nie, gevoer, terwyl agt onderhoude in 'n spreekkamer by die plaaslike kliniek gevoer is. In 15 gevalle was die pa die ouer wat alkohol misbruik het, en in een geval was dit die ma. In twee gevalle het beide die ma en die pa alkohol misbruik. In 15 gevalle het die ouer(s) slegs alkohol misbruik, en in drie gevalle beide alkohol en ander dwelms. Twaalf uit die 18 gesinne se ouerpare was getroud, terwyl ses ouerpare saam gewoon het. Die ouerpare was vir tussen twee en 42 jaar bymekaar. Die pa's was tussen 24 en 63 jaar oud, en die ma's tussen 19 en 60 jaar. Die kinders se ouderdomme het gewissel van 5 tot 37 jaar. Die ouers se beroepe het ingesluit fabriekswerkers, skoonmakers en huishulpe. Sommige ouers was werkloos of het staatsgeld ontvang.

2.2 Prosedure

In hierdie ondersoek is 'n nie-ewekansige gerieflikheidssteekproef saamgestel uit plattelandse gesinne wat aan die vereistes vir deelname voldoen het. Ek (die eerste skrywer) het 'n afspraak met 'n predikant van 'n plaaslike gemeente en 'n suster van 'n plaaslike kliniek gemaak waartydens die doel van die ondersoek verduidelik is en toestemming gevra is om deelnemers vir die ondersoek te help uitwys. Die predikant en suster het moontlike deelnemers genader, en indien hulle ingestem het om aan die ondersoek deel te neem, kon die deelnemer óf self 'n afspraak met my reël, óf is 'n kontaknommer verskaf sodat ek 'n afspraak kon reël. Nadat moontlike deelnemers in oorleg met die betrokke predikant en suster geïdentifiseer is, is altesaam 18 gesinne genader om aan die ondersoek deel te neem.

Aan die begin van 'n ontmoeting het ek aan die deelnemer verduidelik waaroor die ondersoek gaan. Daarna is daar seker gemaak dat die deelnemer aan die insluitingsmaatstawwe voldoen. Daar is toe aan die deelnemers verduidelik wat die toestemmingsvorm behels, en die deelnemers is gevra om dit te teken. Daardeur het hulle bevestig dat hulle ingelig is oor wat van hulle verwag word, wat hulle regte is, en so meer.

Voordat die onderhoud amptelik begin het, is deelnemers die geleentheid gegee om vrae te vra indien daar enige kommer of onduidelikhede was. Elke deelnemer is tydens die

onderhoud gevra om op 'n aantal oop vrae te reageer. Om deelnemers se identiteit te beskerm, is skuilname toegeken.

Inligting is deur middel van semigestruktureerde onderhoude ingesamel. Met semigestruktureerde onderhoude gebruik die navorser 'n stel vrae as deel van 'n onderhoudskedule, maar die onderhoud word slegs gelei, eerder as gedikteer, deur die skedule (Horton, Macve en Struyven 2004:340; Smith en Osborn 2008:58). Ek het 'n idee gehad van die vrae wat ek wou vra, maar wou sover as moontlik die sielkundige en sosiale wêreld van 'n deelnemer betree. Daarom het deelnemers 'n invloed gehad op die rigting waarin die onderhoude beweeg het, en kon nuwe kwessies waaraan ek nie gedink het nie, na vore kom. In hierdie verhouding word deelnemers as deskundiges op hul gebied beskou en behoort hulle maksimale geleentheid te kry om hul eie stories te vertel (Smith en Osborn 2008:59). Dit word dikwels bereik deur gebruik te maak van aanporvrae. Aanporvrae is van onskatbare waarde om die betroubaarheid van data te verseker, aangesien dit die verduideliking van interessante en relevante kwessies wat deur deelnemers geopper word, moontlik maak (Hutchinson en Wilson, in Barriball en While 1994:331). Aanporvrae kan help om waardevolle en volledige inligting te ontlok (Gordon, in Barriball en While 1994:331), om teenstrydige antwoorde uit die weg te ruim, en om die risiko vir sosiaal wenslike antwoorde te verlaag (Patton, in Barriball en While 1994:331). Semigestruktureerde onderhoude fasiliteer dus empatie, maak dit moontlik om meer buigsaam te wees in nuwe areas wat betree word, en is geneig om ryke inligting te lewer (Smith en Osborn 2008:59). Die semigestruktureerde onderhoud se voordeel lê dus in sy unieke vermoë om die privaat, en soms onmeedeelbare sosiale wêreld van die deelnemer te ontbloot en sodoende insig te verkry in alternatiewe aannames en beskouings (Qu en Dumay 2011:255).

Die ouer wat nie alkohol misbruik nie, is aanvanklik gevra om aan die ondersoek deel te neem. Indien beide ouers alkohol misbruik het, is die ma gevra om aan die ondersoek deel te neem. Tydens hierdie ontmoetings is deelnemers gevra of hulle 'n kind het wat ouer as 18 jaar is en by hulle in die huis woon, en of daardie kind ook bereid sou wees om aan die ondersoek deel te neem. Tien uit die 18 gesinne het kinders ouer as 18 jaar gehad, van wie agt nog by hulle in die huis gewoon het. Van die agt het twee ingestem om aan die ondersoek deel te neem, waarna 'n aparte afspraak met hulle gemaak is. Ses kinders het gekies om nie deel te neem nie. In een geval het die kind voorheen, en in een geval tydens die ondersoekperiode, self alkohol misbruik, wat moontlik kan verklaar waarom so min kinders aan die ondersoek wou deelneem. Daar het dus in min van die deelnemende gesinne 'n tweede lid aan die ondersoek deelgeneem. Aangesien deelname deur meer as een gesinslid die geloofwaardigheid van 'n ondersoek verhoog, is die feit dat dit slegs in twee gesinne se geval bereik kon word, 'n beperking van hierdie ondersoek.

2.3 Inligtingontleding

Inligting is deur middel van tematiese ontleding (Braun en Clarke 2006) ontleed. Tematiese ontleding behels die uitwysing, ontleding en rapportering van patrone of temas wat in die inligting voorkom. Die tematiese ontledingsproses behels ses fases, naamlik om vertrouwd te raak met die inligting, om aanvanklike kodes te skep, om vir temas te soek, om temas te hersien, om temas te definieer en te benoem, en om 'n verslag op te stel (Braun en Clarke 2006:87). Tematiese ontleding word as 'n gepaste inligtingontledingsmetode in 'n fenomenologiese navorsingsontwerp beskou aangesien hierdie metode ryk, tematiese

beskrywings en insig in verband met die betekenis van deelnemers se beleefde ervarings (Holloway en Todres 2003:348; Starks en Trinidad 2007:1376).

Volgens Lincoln en Guba (in Babbie en Mouton 2001:276) speel die konsep van geloofwaardigheid 'n kardinale rol in die doen van goeie kwalitatiewe ondersoeke. Daar is vier aspekte wat in hierdie ondersoek ingebou is om die geloofwaardigheid daarvan te verhoog, naamlik aanneemlikheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en bevestigbaarheid (Babbie en Mouton 2001:276). Anneemlikheid is in hierdie ondersoek verkry deur die bevindinge van soortgelyke vorige ondersoeke met die bevindinge van die huidige ondersoek te vergelyk, asook deur my eie teenwoordigheid tydens inligtinginsameling en 'n duidelike beskrywing daarvan. Oordraagbaarheid is nagestreef deur die deelnemers se demografiese inligting in besonderhede weer te gee, asook 'n deeglike beskrywing van die inligtinginsamelingsprosedure. Om betroubaarheid te verseker, is die ondersoekontwerp en -prosedure, asook alle resultate, noukeurig beskryf. Bevestigbaarheid is verseker deur 'n noukeurige beskrywing van die ondersoekmetode te verskaf sodat die integriteit van die resultate noukeurig ondersoek kon word, asook deur tekortkominge van die ondersoekmetode wat gevolg is, te erken. Die aantekeninge wat ek tydens die inligtinginsamelings- en inligtingontledingsproses gemaak het, het daartoe bygedra dat oorpeinsing voortdurend kon plaasvind (Cox 2012:129; Rajendran 2001:6) en dat denkwyses stelselmatig en ontledend beskryf kon word.

2.4 Etiese kwessies

Toestemming om die ondersoek uit te voer, is van die Navorsingsetiekkomitee van die universiteit verkry. Buiten die betrokke predikant en suster wat die deelnemers gehelp identifiseer het, was ek die enigste persoon wat met die deelnemers kontak gehad het; sodoende is privaatheid en vertroulikheid bewerkstellig. Ek was die enigste persoon wat teenwoordig was tydens die onderhoude. Die doel van die navorsing en die feit dat deelname aan die ondersoek vrywillig was, is aan potensiële deelnemers verduidelik. Om privaatheid te bewerkstellig is onderhoude óf by die kerkkantoor van 'n nabygeleë gemeente, óf in 'n privaat spreekkamer by die plaaslike kliniek gevoer. Toestemming is van die deelnemers verkry om die onderhoude vir ontledingsdoeleindes elektronies op te neem. Nadat die onderhoude voltooi was, is die onderhoude op my skootrekenaar afgelaai, en al die onderhoude is van die oudio-opnemer afgevee. Die opgeneemde en getranskribeerde onderhoude is op my skootrekenaar gestoor, waarvan net ek die wagwoord ken wat toegang tot die data gee. Die voltooië toestemmingsvorme is op 'n veilige plek bewaar waar net ek toegang daartoe het. Die oudio-opnames van die onderhoude sal van my skootrekenaar verwyder word, en die toestemmingsvorme sal verbrand word, sodra die navorsing gepubliseer is. Die getranskribeerde onderhoude, wat geen persoonseiname of plekname bevat nie, sal beskikbaar wees vir twee jaar nadat die navorsing gepubliseer is, waarna dit uitgevee sal word.

Navorsing in verband met alkoholisbruik kan beskou word as eiesoortig vanuit 'n etiese perspektief omdat dit te doen het met hoogs gestigmatiseerde vorme van gedrag, moontlik betrekking het op kriminele gedrag, en daar moontlik sensitiewe persoonlike inligting met betrekking tot onwettige aktiwiteite na vore kan kom (Nasionale Gesondheid- en Mediese Navorsingsraad 2012:4). Deelnemers is voor die aanvang van die onderhoude verseker dat die inhoud van die onderhoude vertroulik sou bly, tensy ek genoodsaak was om byvoorbeeld 'n geval van kindermishandeling aan te meld. Alhoewel net een geval van

kindermishandeling wat jare gelede plaasgevind het en reeds aangemeld was, tydens die onderhoude na vore gekom het, het gevalle van huishoudelike geweld (waar die ouer wat nie alkohol misbruik nie, geslaan word deur die ouer wat alkohol misbruik) na vore gekom. In hierdie gevalle het ek na afloop van die onderhoud sterk by die deelnemers aanbeveel dat hulle iemand vir hulp in verband hiermee moet kontak, en toepaslike telefoonnummers aan hulle verskaf.

Ek het aan elke deelnemer gevra om 'n toestemmingsvorm te voltooi waarin beide die risiko's en voordele van deelname aan die studie verduidelik is. Indien dit voorgekom het of die deelnemer ontsteld was tydens of aan die einde van die onderhoud en dus by verdere berading sou baat, het ek dit sterk aanbeveel en aangebied om 'n afspraak by die plaaslike Kinder- en Gesinsorgtak te maak. Elke deelnemer het na afloop van die onderhoud drie brosjures oor alkoholisbruik van SANRA ontvang. Hierdie brosjures handel onderskeidelik oor die feite van alkohol, hoe om te weet dat daar 'n alkoholprobleem is, en wat om te doen wanneer iemand na aan jou 'n alkoholprobleem het. 'n Tolvrye hulplyn wat die deelnemers kon skakel kom op die pamflette voor en is aan die deelnemers uitgewys.

3. Resultate en bespreking

Op grond van die tematiese ontleding het sewe hoofemas na vore gekom: die negatiewe effek van alkoholisbruik op hulle finansies, die gemeenskap, die gesin, hulle gesondheid, die huwelik, die kinders en die volwassenes se loopbane. Gebaseer op die aannames van sisteemteorie word daar by elke tema se bespreking verwys na die sistemiese vlak volgens die ekosistemiese perspektief (Bronfenbrenner 1979) waarmee die relevante tema verband hou. Dit is belangrik om daarop te let dat alhoewel die doel van hierdie navorsing was om te bepaal hoe spesifieke gesinne deur die alkoholisbruik van 'n ouer geraak is, deelnemers soms begin vertel het van gevalle van alkoholisbruik in hul gemeenskap. Gegewe die buigsame aard van 'n semigestruktureerde onderhoud, het ek dit goed gedink om deelnemers die vryheid te gee om voort te gaan en sulke gevalle ook te deel, alhoewel dit nie die primêre navorsingsdoel was nie. Binne die raamwerk van die ondersoek word deelnemers juis as deskundiges op hul gebied beskou en behoort hulle maksimale geleentheid te kry om hul eie stories te vertel (Smith en Osborn 2008:59). 'n Binnestanderperspektief waarin die deelnemer 'n invloed het op die rigting waarin die onderhoud beweeg het, en die ontdekking van nuwe kwessies waaraan ek nie gedink het nie, word as belangrik geag (Leech 2002:665). Die gemeenskap val juis binne Bronfenbrenner (1979) se makrovlak van ekologie.

Dit is noodsaaklik om die verkennende, kwalitatiewe aard van die ondersoek in ag te neem gedurende hierdie bespreking. Alhoewel die resultate van die huidige ondersoek met die resultate van ander ondersoeke in die literatuur vergelyk word vir besprekingsdoeleindes, impliseer dit egter nie dat die resultate van die huidige ondersoek veralgemeen kan word nie. Die antwoorde van die deelnemers kan nie gebruik word om oorsaaklike faktore te identifiseer nie – dit verwys slegs na hulle stories en ervarings. Alhoewel daar in die bespreking na die resultate van ander, kwantitatiewe ondersoeke gekyk word, neem ek die verskil tussen statistiek en stories van deelnemers in 'n kwalitatiewe ondersoek in ag.

3.1 Tema 1: “Hy’t nog nie R300 se kos gekoop nie, maar hy’s daar weg met ’n R900”: Die negatiewe uitwerking van alkoholmisbruik op finansies

Hierdie tema verwys na die deelnemers se beskrywings van al die maniere waarop ouerlike alkoholmisbruik die gesin se finansies negatief beïnvloed het. Hierdie tema hou verband met die egpaar- en ouer-kind-subsisteme op die mikrovlak sowel as die makrovlak, aangesien dit ’n invloed op die ekonomie het. Die ouer wat alkohol misbruik, het dikwels geld wat vir die huishouding bedoel was, op drank spandeer.

Verskeie deelnemende gesinne het genoem dat die alkoholmisbruik hul finansies raak. Frieda (50) het vertel:

En elke keer die 25ste van die maand, pay hy by die munisipaliteit. En hulle pay nie min chips nie. Hulle pay goeie geld. Het hy die maand gepay, hy’t my nie ’n sent gegee nie! Nog minder het hy Novembermaand ’n sent gegee.

Martien (35) het vertel dat haar kêrel haar bankkaart steel en in die nag gaan geld trek. So meen Estie (50) dat haar man se alkoholmisbruik ’n negatiewe impak op hul gesin se finansies het. Hy spandeer gewoonlik sy bonus om alkohol vir sy vriende te koop omdat hy hulle wil beïndruk, terwyl hulle net sy vriende is solank hy geld het.

’n Amerikaanse ondersoek wat die voorkoms en gereeldheid van probleme van besorgde gesinslede van ’n middelgebruikende geliefde ondersoek het, het gevind dat 91% van die deelnemers dikwels probleme op geldelike gebied ervaar het (Benishek, Kirby en Dugosh 2011:82). In Suid-Afrika is gevind dat middelmisbruik ’n skadelike ekonomiese impak op individue en huishoudings het (PRWK 2010:7).

Alkoholmisbruik het egter nie net op die finansies van individuele huishoudings ’n negatiewe invloed nie, maar ook op ’n land se ekonomie in die geheel. Ondersoeke bevestig voortdurend dat die ekonomiese las van alkohol op die samelewing aansienlik is (Thavorncharoensap, Teerawattananon, Yothasamut, Lertpitakpong en Chaikledkaew 2009; Van Amsterdam en Van den Brink 2013:248). Alhoewel daarteen gewaak moet word om veralgemenings op grond van die bevindinge van ’n kwalitatiewe ondersoek te maak, kan die feit dat beide die betrokke gesinne wat in die Wes-Kaap woon en Amerikaanse gesinne in bogenoemde ondersoek se finansies negatief deur alkoholmisbruik geraak word, dui op ’n moontlike patroon tussen alkoholmisbruik en die negatiewe effek daarvan op gesinne se finansies. Groter, meer omvattende ondersoeke word egter benodig om hierdie patroon te bevestig. Die alkoholbedryf voeg egter ook waarde toe tot ’n land se ekonomie, en die uitdaging ontstaan dus nou om ’n balans te handhaaf tussen die ekonomiese voordele van drankverkope en die nadele van die ekonomiese las op huishoudings waar alkohol nie net gebruik word nie, maar misbruik word.

3.2 Tema 2: “Nou dink ek ai jinne, die ma’s wat nou so drink. Eet daai kinders ordentlik?”: Die negatiewe uitwerking van alkoholmisbruik op die gemeenskap

Hierdie tema verwys na die deelnemers se beskrywings van die maniere waarop alkoholmisbruik ’n negatiewe invloed het op mense buite die deelnemer se gesin. Hierdie tema het betrekking op die makrovlak van die ekologiesesisteemteorie. Deelnemers het vertel van ander gesinne wat naby hul woon waarin alkoholmisbruik voorkom en die negatiewe

uitwerking wat dit het. Estie (50) het byvoorbeeld genoem dat haar seun haar vertel het van 'n ander seun in sy klas wie se ma drink, en dat die seun se skoolklere altyd vuil is:

Hy's maar nou agt, hy gaan maar met sy skoolklere na die dam toe. Hy gaan maar, my seun het vertel, hy't vir my seun gevra wie was jou skoolklere. Toe sê hy my ma, in die wasmasjien, en dan gebruik my ma Omo of Sta-soft. Hy sê my ma doen nie dit nie. En toe vra hy vir hom nou wie, en hy sê vir my mammie, sy skoolklere is altyd vuil. En, toe het hy nou die dag gesê hy't maar nou besluit hy gaan self sy eie skoolklere was. Nou hoe was 'n agtjarige skoolklere? Dis nie skoon nie. En so, ek meen hoe, wat weet die ma, is daar ooit seep of Omo of whatever om mee skoolklere te was? En dis alles goedjies wat onse, regtig, onse gemeenskap agteruit laat gaan.

Hierdie deelnemer het verder vertel dat hulle amper eenkeer in 'n motorongeluk was toe hulle saam met haar man se vriend, wat alkohol misbruik, gery het en hy aan die slaap geraak het agter die stuurwiel terwyl hy onder die invloed van alkohol was.

Estie voel verder dat die onwettige handeldryf in alkohol 'n probleem in hul gemeenskap is, en dat meer jongmense as in die verlede na kroëë gaan. So reken Katryn (19) dat die mense in haar omgewing baie hulp nodig het. Sy sê dit gaan vir hulle net oor drank en dwelms. Frieda (50) meen daar is baie vrouens in hulle kerk wat met dieselfde probleem as sy sit, maar hulle praat nie graag daaroor nie.

Die uitwerking wat die skadelike gebruik van alkohol op gemeenskappe het, is 'n kwessie wat toenemend 'n kommer vir beleidsvormers is, aangesien alkoholmisbruik nie net op gesondheid- en verwante kostes 'n groot impak het nie, maar ook op die misbruiker se sosiale omgewing (Bryden, Roberts, McKee en Petticrew 2012:349). Verskeie ondersoeke toon dat hoër vlakke van alkoholverkope gepaardgaan met hoër vlakke van kindermishandeling en -verwaarlosing (Freisthler 2004:803; Freisthler 2011:185; Freisthler, Midanik en Gruenewald 2004:586; Freisthler, Needell en Gruenewald 2005:1049; Laslett, Room, Dietze en Ferris 2012:1786).

Buiten gevalle van kinderverwaarlosing, het die probleem van dronkbestuur ook in die deelnemers aan hierdie ondersoek se gemeenskap voorgekom. Middelverwante verswakte bestuursvermoë is 'n gedragseienskap wat die risiko vir padsterftes beduidend verhoog (Matzopoulos, Lasarow en Bowman 2013:118). Terwyl padverkeersbeserings 'n probleem in groot dele van die wêreld is, het Suid-Afrika uitermate hoë syfers – dubbeld die wêreldwye koers. Naas strafbare manslag is padverkeersbeserings die tweede grootste oorsaak van sterftes onder mans, met 'n padongeluksbeseringsmortaliteitskoers van amper 40 per 100 000, en is alkoholmisbruik 'n groot bydraer tot die hoë padongeluksyfer in Suid-Afrika (Norman, Matzopoulos, Groenewald en Bradshaw 2007). 'n Ondersoek na aggressiewe bestuur in KwaZulu-Natal het bevind dat meer as die helfte van motoriste wat gerapporteer het dat hulle bo die wettige alkoholbeperking bestuur het, ook erken het dat hulle aggressief is wanneer hulle alkohol ingeneem het en 'n motor bestuur (Sukhai, Seedat, Jordaan en Jackson 2005:244).

Die noemenswaardig hoë padongeluksyfer in Suid-Afrika kan toegeskryf word aan onveilige padomgewings, swak toepassing van bestaande verkeerswette, padwoede en aggressiewe bestuur, met alkoholmisbruik as 'n groot bydraer (Norman e.a. 2007). Die assosiasies tussen aggressiewe gedrag, die dra van vuurwapens, buitensporige spoedoortredings en bestuur

onder die invloed van alkohol dui op die belangrikheid van die toepassing van verkeerswette as deel van ingrypings (Sukhai e.a. 2005). Sukhai e.a. (2005) meen egter Suid-Afrika is bekend daarvoor dat ons eersteklas wetgewing en beleide instel, maar sonder die voldoende toepassing daarvan. Die toepassing van die nuwe bestuur-onder-die-invloed-wette is 'n voorbeeld hiervan.

Rothschild, Mastin en Miller (2006:1218) meen dat die meeste ingrypings vir alkoholverwante padsterftes gewoonlik opvoedkundig of wetlik van aard is. Dié navorsers het daarom eerder 'n sosiale bemarkingstrategie van stapel gestuur deur 'n ritprogram in drie landelike gemeenskappe in die VSA te toets. Ritte na, van en tussen huise en kroë is deur middel van ouer, luukse voertuie verskaf. Die resultate het 'n beduidende verandering in saamry- en bestuursgedrag getoon, veral onder 21- tot 34-jariges. Daar is 'n 17%-afname in alkoholverwante botsings vir die eerste jaar gevind, daar was geen toename in drinkgedrag nie, en groot besparings tussen die reaktiewe kostes van opruim ná 'n botsing en die proaktiewe kostes van ongelukvoorkoming is gemaak. Die program het met behulp van reisgeld en kroegbydraes volhoubaar en deel van die leefstyl van deelnemende gemeenskappe geword (Rothschild e.a. 2006:1218). Beter toepassing van verkeerswette met betrekking tot bestuur onder die invloed van drank, asook die implementering van ritprogramme om diegene wat onder die invloed van drank is, veilig te vervoer, word daarom vir die huidige gemeenskap voorgestel.

3.3 Tema 3: “Die alkohol wat hy gebruik, is ’n lawaaimaker. En dan klim dit in my kinders en dan gaan ek nou op hom”: Die negatiewe uitwerking van alkoholmisbruik op die gesin

Hierdie tema verwys na die maniere waarop alkoholmisbruik die gesin as 'n eenheid negatief beïnvloed. Dié tema sluit die egpaar-, ouer-kind- sowel as broer-en-suster-subsisteme in en vorm deel van die mikrosisteem. Die ouer wat alkohol misbruik, kom soms nie oor die weg met ander gesinslede nie, hou die gesin uit die slaap uit, of baklei met gesinslede.

Anna (60) en haar dogter Bettie (37) sê dat Anna se man almal in die huis begin skel wanneer hy onder die invloed van alkohol is. Hy baklei met sy vrou en al hulle kinders. Anna voel dan draai haar kinders teen hom, en sy wil dit nie so hê nie, want 'n mens moet jou ouers eer. Geraldine (55) en haar dogter Hermien (36) sê dat Geraldine se man begin skel wanneer hy onder die invloed van alkohol is. Dan gaan slaap Geraldine party Saterdag nagte saam met Hermien in haar kamer omdat sy dit nie kan hou in hulle kamer by haar man nie. Rosa (45) meen sy en haar kinders slaap nooit deur die nag nie. Haar man kom enige tyd van die nag by die huis in en uit en klap die deure toe wanneer hy onder die invloed van alkohol is.

Cathy (44), wie se man en seun albei alkohol misbruik, voel dié ouer-kind-subsisteem het iewers begin skeefloop tussen haar man en haar seun:

Ek het al vir my seun gevra wat het gebeur. Hy is nie jou, jou, biologiese pa nie. Hy's nie jou eie pa nie, dit weet ons. Maar toe ons mekaar gevind het, het hy jou gevat soos jy is. En jy was nog jonk. Jy was baie jonk. So waar het dit skeefgeloop?

Sy meen dat nie haar man of haar seun wil erken daar is 'n probleem tussen hulle nie, maar wanneer hulle dan albei dronk is, lyk dit of hulle mekaar nie kan verdra nie. Quinton (30), wie se lewensmaat alkohol misbruik en soms ander mans in hulle huis ontvang, voel weer dat

hulle seun en dogter altyd hulle ma se kant kies, en hy wens hulle wil opstaan en sê sy behandel hom nie reg nie.

Dit is dus duidelik dat daar dikwels bakleiery in die deelnemende gesinne voorkom. Verbale en fisieke aggressie tussen mans wat alkoholiste is en hul vrouens is in vorige studies aangetoon (Margolin, Ramos, Baucom, Bennett en Guran 2013:2849; O'Farrell, Murphy, Neavins en Van Hutton 2000:295; Stanley 2012:583).

Terwyl deelnemers aan hierdie ondersoek gemeld het dat die ouer wat alkohol misbruik, die ander gesinslede soms uit die slaap uit hou, fokus ondersoeke in die literatuur hoofsaaklik op die uitwerking van alkoholmisbruik op die persoon wat dit misbruik se slaappatrone (Cohn, Foster en Peters 2003:455; Conroy en Arnedt 2014:487; Junghanns, Horbach, Ehrental, Blank en Backhaus 2009:893), eerder as op hoe dit die mense om hulle raak. Daar is dus 'n tekort aan ondersoeke in die literatuur in verband met die invloed van alkoholmisbruik op gesinslede en lewensmaats van alkoholmisbruikers se slaapkwaliteit en die gevolge daarvan vir hul gesondheid. Studies in verband met faktore soos gesinslede wat met mekaar baklei of gesinslede wat nie goed met mekaar oor die weg kom en kommunikeer nie, kom wel in die literatuur voor. Hierdie faktore, wat verband hou met die sirkulêre siening van gesinsisteemteorie, kan alkoholmisbruik en gesinsprobleme tegelykertyd vererger. Gesinsprobleme of disfunksie kan andersom gekoppel word aan hierdie model, met 'n toename in die gebruik van alkohol in reaksie op gesinsprobleme (Ripley, Cunion en Noble 2006:172).

3.4 Tema 4: "Toe sê dokter nog vir hom, dis nou, as gevolg van die alkohol, dis dit ook wat maak dat jy nou so siek is": Die negatiewe uitwerking van alkoholmisbruik op gesondheid

Hierdie tema verwys na die deelnemers se beskrywings van hoe die alkoholmisbruik van 'n ouer hul eie gesondheid of die gesondheid van hul lewensmaats negatief beïnvloed het. Die ouer wat alkohol misbruik, het soms gesondheidsprobleme as gevolg van die alkohol ontwikkel, en soms het die alkoholmisbruik 'n bestaande gesondheidsprobleem vererger. Gesondheidsorg of mediese hulpbronne in 'n gemeenskap vorm deel van die eksosisteem wat die gemeenskapsomgewingsvlak beskryf (Visser 2007:25). Die ouer wat alkohol misbruik se lewensmaat het soms spanning ervaar.

Frieda (50), wie se man alkohol en ander dwelms gebruik, meen die gevolge van haar man se rokers wys al op sy gesig:

Toe sê ek vir hom, jy sal moet stadig mannetjie. Een van die dae gaan jy na oom [mansnaam] toe. Ek loop lekker in 'n beweging, ek is nie oud nie, die jaar vyftig, sê ek vir hom. En jy lyk soos 'n mannetjie van sestig. Ek sê as ek nou in die straat afloop in 'n kort mini en 'n kort toppie dan's dit nou (fluit, fluit, fluit, fluit). Dit is wat nou gebeur het toe ek nou hier na julle toe gekom het. Ja maar, dit is so.

Frieda voer verder aan dat haar man se alkoholmisbruik 'n negatiewe effek op haar eie gesondheid het, aangesien sy gewig verloor het weens die spanning wat sy ervaar:

Ja, kyk hoe lyk jy, ek sê dis stres, ek sê vir hom dis jy wat my so laat stres. Ek sê kyk hoe maer is ek. Kyk hoe lyk ek. Ek was nie sonder jou met dit nie. Ek was vet en lekker fris.

Terwyl sommige ondersoeke dui op die potensiële voordele van matige alkoholverbruik (Cassetty 2012; Nova, Bacchan, Veses, Zapatera en Marcos 2012:307; “Regular moderate alcohol intake has cognitive benefits in older adults” 2009), word die negatiewe gesondheidsgevolge van oormatige alkoholverbruik wyd in die literatuur gerapporteer (Hensing 2012:212; Mertens e.a. 2009:75796776; Parry e.a. 2011:1718; Rehm e.a. 2010:817; WGO 2011:20).

Alhoewel daar goedgevestigde kwantitatiewe literatuur beskikbaar is oor die impak van alkoholverbruik op die drinker, is daar minder ondersoeke wat handel oor hoe iemand se drinkery ander mense, soos lewensmaats, raak (Kishor, Pandit en Raguram 2013:360; Livingston, Wilkinson en Laslett 2010:778). Dié verskynsel het tydens hierdie ondersoek na vore gekom, met deelnemers wat genoem het hoe alkohol hulle lewensmaats se gesondheid asook hulle eie welstand beïnvloed het. Lewensmaats van alkoholiste rapporteer dikwels verhoogde vlakke van sielkundige angs en gesondheidsprobleme in vergelyking met dié van normatiewe populasies (Ripley e.a. 2006:173; Tempier, Boyer, Lambert, Mosier en Duncan 2006:41). In ’n ondersoek in Australië is daar wel gevind dat ander se drinkery ’n beduidende impak op iemand se gesondheid en welstand kan hê (Livingston e.a. 2010:778). So het Richter, Chatterji en Pierce(2000:61) gevind dat sommige gesinslede van alkoholiste fisieke siektesimptome ervaar het in reaksie op die stres wat daarmee gepaardgaan om ’n gesinslid te hê wat ’n alkoholis is. Daar word dus meer ondersoeke benodig wat fokus op die gesondheid van lewensmaats van alkoholmisbruikers. Indien dit voorkom of die gesondheid van lewensmaats van alkoholmisbruikers dikwels skade ly, behoort ingrypingsprogramme ook op toegang tot gesondheidsorg vir hierdie lewensmaats klem te lê.

3.5 Tema 5: “En die eerste jaar van onse huwelik, was stresvol. Kyk, en die alkohol het ’n groot rol gespeel”: Die negatiewe uitwerking van alkoholmisbruik op die huwelik

Hierdie tema verwys na die deelnemers se beskrywings van hoe alkoholmisbruik die deelnemers se huwelik, of die verhouding tussen pa en ma, negatief beïnvloed het. Hierdie tema hou verband met die egpaar-subsisteem soos deur gesinsisteemteorie omskryf, en behels ’n uitwerking op mikrovlak. Sestien uit die 18 deelnemende gesinne het aangevoer dat die alkoholmisbruik hul huwelik of verhouding raak. Beide ouers het soms buite-egtelike verhoudings gehad. Die ouer wat alkohol misbruik, het soms die ander ouer van buite-egtelike verhoudings beskuldig, soms die ouer wat nie alkohol misbruik gevra om saam te drink, soms min in die huis gehelp, en soms min tyd saam met die ouer wat nie alkohol misbruik nie, spandeer. Die deelnemers het soms gevoel dat hul lewensmaats nie lief is vir hulle nie, dat hulle self hul lewensmaats se alkoholmisbruik veroorsaak, en dat hulle net ter wille van die kinders in die huwelik bly. Die deelnemers het soms vrees, selfmoordgedagtes, liefdeloosheid of swak kommunikasie in die huwelik ervaar.

Lisa (35) wens dat haar lewensmaat meer in die huis wil help. Sy het vertel dat sy die vorige Sondagoggend op haar eie kerk toe gegaan het omdat haar lewensmaat wat die Saterdagoggend gedrink het, nog onder die invloed van alkohol was. Toe sy uit die kerk uit kom, lê hy voor hulle deur, nadat hy toe eers pas aangetrek het:

Die huis is vuil nes ek hom gelos het. En ek weet mos dan kom ek uit die kerk uit, dan kan ek aangaan, met my verdere kos want my rys was al klaar, my pampoens. En ek het aartappels al die Saterdagoggend geskil, nou as ek terugkom uit die kerk uit wil ek dit opkook en net bak. Toe raak ek baie moedeloos.

Sara (45), wat tydens die onderhoud pyne in haar arm ervaar het, meen haar lewensmaat kan sien dat sy nie lekker voel nie, maar sal nie daaraan dink om haar te help nie. Hy vat net sy bottel wyn en sê vir haar dat hy nou maar gaan drink tot die namiddag toe:

Hy sal nie dink en vra, my ou vrou, of skattebol, kan ek vir jou bietjie koffie maak nie? Ek het maar opgestaan deur die pyne en maar die ketel aangesit en vir my bietjie koffie gemaak. Ek meen, soos hy, hy my hanteer is daar nie liefde wat ek sien nie. Ek doen baie vir hom, al die gemeenskap praat daaroor. Hy't nog nooit so vrou gehad soos ek nie wat baie vir hom beteken nie. Maar hy waardeer dit nie.

Die beweerde skadelike gevolge wat alkoholmisbruik op die huwelikseenheid het, word bevestig deur vorige empiriese ondersoeke (Ripley e.a. 2006:172), waarvolgens daar 'n negatiewe verhouding tussen alkoholmisbruik en huwelikstevredenheid bestaan (Kearns-Bodkin en Leonard 2005:2123; Kishor e.a. 2013:364).

Deelnemers aan die huidige ondersoek het soms skuldig gevoel en gewonder of hulle hul lewensmaats se alkoholmisbruik veroorsaak. Net so is in 'n Amerikaanse ondersoek gevind dat gesinslede van alkoholiste 'n verantwoordelike gevoel vir die alkohol se probleem ervaar (Richter e.a. 2000).

In 'n ondersoek deur Moos, Brennan, Schutte en Moos (2010:506) is gevind dat die lewensmaats van probleemdrinkers minder betrokke was by huishoudelike take en minder aan sosiale en kerkaktiwiteite deelgeneem het, en hulself dus ietwat van hulle gesin en sosiale lewe onttrek het. In teenstelling hiermee het die deelnemers aan die huidige ondersoek steeds kerkaktiwiteite bygewoon, was hulle steeds betrokke by hul gesinne, en het hulle steeds die meeste huishoudelike take verrig, ten spyte van die stremming wat die alkoholmisbruik op hul huwelik geplaas het. Die beskermende rol wat godsdiens, waarvan kerkbetrokkenheid 'n deel vorm, in hierdie gesinne waarvan 'n ouer alkohol misbruik se lewens speel, word elders bespreek (Van den Berg 2016). Die feit dat hierdie lewensmaats steeds betrokke by hul gesinne en huishoudelike take is, kan vanuit 'n sistemiese perspektief daarop dui dat hulle probeer om 'n oorfunksionerende rol aan te neem en later self oorlaai kan begin voel in hul pogings om dinge in orde te hou (Brown 1999:96).

3.6 Tema 6: “Toe vra ek so vir haar nou waarom stres sy, toe sê sy vir my nee dit is die dinge wat haar pa doen”: Die negatiewe uitwerking van alkoholmisbruik op kinders

Hierdie tema behels beskrywings van hoe ouerlike alkoholmisbruik die deelnemende gesinne se kinders negatief beïnvloed het. Die kinders het soms stres ervaar, het skool verlaat, of hul punte het verswak; hulle was skaam om vriende huis toe te bring, of het self drank of dwelms begin gebruik. In een geval was 'n kind gemolesteer deur die ouer wat alkohol misbruik, en in 'n ander geval het 'n kind reeds op 'n baie jong ouderdom swanger geword. In een geval waar 'n kind ook begin drink het, was die kind in 'n motorongeluk betrokke waarin hy verlam is. Frieda (50) het vertel dat haar oudste dogter die afgelope paar jaar wat Frieda se man alkohol misbruik, stil geword het en begin spanning ervaar het. Daar het later knoppe op haar vel begin uitslaan. Sy het haar dogter na die dokter toe geneem, en die dokter het bevestig dat die knoppe deur stres veroorsaak word. Toe sy haar dogter vra waarom sy haar bekommer, het haar dogter gesê dit is haar pa se alkoholmisbruik. Hierdie tema hou dus nie net verband met die ouer-kind-subsisteem op mikrovlak nie, maar ook met die makrosisteem,

aangesien dit kwessies soos kindermishandeling en bestuur onder die invloed van drank insluit.

Die vlak van persoonlike funksionering van ouers wat alkohol misbruik, raak die ontwikkeling van kinders in 'n huisgesin (Ripley e.a. 2006:173). Verskeie ondersoekers het die daaglikse gevolge van ouerlike alkoholmisbruik op ontwikkelende kinders, insluitende die negatiewe impak op hul skoolwerk, gedokumenteer (Carle en Chassin 2004:577; Christoffersen en Soothill 2003:110; Kroll 2004:133; Poon, Ellis, Fitzgerald en Zucker 2000:1020). Moontlike redes wat toegeskryf word aan die negatiewe impak van ouerlike alkoholmisbruik op kinders se akademiese prestasie, is dat die kind nie tyd maak vir studeer nie, ouers versuim om hul kinders se akademiese vordering te monitor en gebrekkige dissipline (Carle en Chassin 2004:577).

Buiten akademiese uitdagings kan die negatiewe impak van ouerlike alkoholmisbruik op kinders insluit dat kinders stres en angs beleef. Net soos die bevindinge van die huidige ondersoek, stem die resultate van ander ondersoekers ooreen dat ouerlike stryd en bakleiery as gevolg van die alkoholmisbruik 'n groot bron van stres en angs vir kinders is (Kroll 2004:134). Kinders word dikwels beseer, verbaal mishandel of moet verkleinerende opmerkings in verband met hul vaardighede of voorkoms aanhoor (Kroll 2004:135). So het Anna (60) en haar dogter Bettie (37) byvoorbeeld vertel dat wanneer Anna se man onder die invloed van alkohol is, hy nou nog vir Bettie uitskel oor die feit dat sy swanger geword en 'n kind gekry het in haar matriekjaar, alhoewel dit al 18 jaar vantevore plaasgevind het.

Deidré (41) het vertel dat haar man se alkoholmisbruik hul seun só beïnvloed het dat hy ook later begin alkohol misbruik het. Hulle seun het eenkeer onder die invloed van alkohol bestuur en 'n ongeluk gemaak en is verlam. Ondersoekers toon dat die nageslag van alkohol-afhanklike ouers 'n groter risiko het om self alkohol-afhanklikheid, asook geëksternaliseerde stoornisse (soos gedragstoornis en aandagtekort-hiperaktiwiteitstoornis) en geïnternaliseerde stoornisse (soos 'n major depressiewe stoornis en angstoornis), te ontwikkel (Hill, Shen, Lovers, Locke-Wellman, Matthews en McDermott 2008:155; Hill, Tessner en McDermott 2011:285).

Die uitwysing van modererende en bemiddelende faktore wat die geneigdheid dat adolessente alkoholmisbruik en -afhanklikheid tydens jong volwassenheid sal ontwikkel, is egter nie goed gedokumenteer nie (Hill e.a. 2011:286). So meen Preuss, Schuckit, Smith, Barnow en Danko (2002:235) dat alhoewel daar al gerapporteer is dat kinders wie se ouers alkohol misbruik, verhoogde vlakke van angs en depressie het, baie van die ondersoekers nie genoegsaam gekontroleer het vir die invloed van onafhanklike faktore wat nie deur die alkohol veroorsaak is nie. Hierdie skrywers het gevind dat geïnternaliseerde simptome in kinders wie se ouers alkohol misbruik, sterker beïnvloed word deur 'n gesinsgeskiedenis van angstoornisse as deur 'n gesinsgeskiedenis van alkoholgebruikstoornisse.

Estie (50), wat 'n suster by 'n kliniek is, meen dat haar man se alkoholmisbruik 'n verskriklike uitwerking op hulle twaalfjarige seun se karakterontwikkeling het.

In 'n Deense ondersoek is vasgestel dat ouers se alkoholmisbruik 'n impak het op kinders in hul vormingsjare. Hospitalisasie as gevolg van geweld, werkloosheid, asook 'n verhoogde risiko vir tienerswangerskap is meer gereeld gesien in gevalle waar die ouers alkoholmisbruikers was (Christoffersen en Soothill 2003:107).

'n Geval van 'n vroeëtienerswangerskap is in hierdie ondersoek vermeld. Sara (45), wat haar lewensmaat se dogtertjie van wie sy nie die ma is nie, help grootmaak, het gesê:

En wat my 'n bietjie so laat hartseer voel, is hy't 'n dogtertjie wat twaalf jaar is wat swanger is. En het hy nou nie gedrink nie, sou dit nie gebeur het nie. Want dan't hy mos nou gekyk en doen, na sy kind.

In teenstelling met ondersoeke (Bancroft e.a. 2004:23; Kroll 2004:132) na die negatiewe effek van ouerlike alkoholmisbruik op kinders het verskeie van die gemelde temas (byvoorbeeld om die alkoholmisbruik 'n geheim te moes hou, of kinders wat as versorgers moes optree deur byvoorbeeld die finansies te moes bestuur) nie in die huidige ondersoek na vore gekom nie. Moontlike redes hiervoor kan wees dat bogenoemde ondersoeke slegs op die ervarings van kinders of jongmense wie se ouers alkohol misbruik het, gefokus het, eerder as op die gesin in sy geheel. Die verskil tussen die huidige ondersoek se bevinding en dié van ander ondersoeke kan ook toegeskryf word aan die onderhoudskedule wat tydens die ondersoeke gebruik is, asook die verskillende agtergronde van deelnemers.

3.7 Tema 7: “Jy't jouself uit jou werk uit gewerk ... dit is wat drank maak”: Die negatiewe uitwerking van alkoholmisbruik op loopbane

Hierdie tema behels maniere waarop ouerlike alkoholmisbruik die ouer wat alkohol misbruik en die ouer wat nie alkohol misbruik nie, by die werk negatief beïnvloed. Die ouer wat alkohol misbruik, het soms sy/haar werk as gevolg van alkohol verloor, soms by die werk gesteel, soms nie op Maandae by die werk opgedaag nie, of soms onder die invloed van alkohol werk toe gegaan. Die ouer wat nie alkohol misbruik nie, het soms gesukkel om te konsentreer by die werk. Hierdie tema het implikasies op beide mikro- en makrovlak.

Trudie (52) het vertel hoe haar man sy werk deur sy alkoholmisbruik verloor het. Hy het voorraad by die werk gesteel om drank daarmee te koop. Estie (50) het vir haar man verduidelik dat wanneer 'n mens die hele naweek drink, 'n mens geneig is om Maandae van die werk af weg te bly, en dit skep nie 'n goeie werksprofiel nie. Estie het verder vir haar man gesê dat haar beroep van só 'n aard is dat sy nie kan bekostig om aan soveel stres blootgestel te word by die huis nie. As 'n suster by 'n kliniek het sy 'n baie verantwoordelike werk waarvoor haar gees en haar brein helder moet wees. Sy kan nie bekostig om daar 'n fout te maak nie. Wanneer haar man begin drink en byvoorbeeld nie huis toe kom nie, het sy 'n probleem, want iemand moet na hulle seun kyk, en dit veroorsaak vir haar spanning by die werk.

So meen Quinton (30) dat sy kollegas soms wonder hoekom hy so stil is by die werk. Hy sê dat sy gedagtes partykeer deurmekaar is, en dan beseer hy hom amper met van die toerusting waarmee hy as fabriekswerker werk:

Jy werk mos nie lekker as dit so is by die huis nie. Suster sal mos nou nie lekker kan werk nie. Suster se aandag sal mos net wees op daai ding. Hy, hy, hy krap jou man.

In ooreenstemming met die resultate van hierdie ondersoek is in 'n Amerikaanse ondersoek gevind dat probleemdrinkery 'n besliste effek het op die waarskynlikheid van werkloosheid en 'n negatiewe uitwerking op die geneigdheid om in diens geneem te word (Terza

2002:393). In 'n ander Amerikaanse ondersoek is gevind dat alkoholisme 'n negatiewe impak op verdienste het (Jones en Richmond 2006:869).

Deelnemers aan die huidige ondersoek het beskryf hoe hul lewensmaats soms Maandae van die werk af wegbly. Afwesigheid het 'n groot ekonomiese impak en is potensieel gevaarlik, soos wanneer plaasvervangers in die plek van afwesige werknemers met gevaarlike toerusting moet werk (McFarlin en Fals-Stewart 2002:17). Oor die algemeen is daar in ondersoeke gevind dat 'n toename in alkoholgebruik verwant is aan 'n toename in afwesigheid, en dat individue wat aan die diagnostiese maatstawwe vir alkoholmisbruik of -afhanklikheid voldoen, meer dae van die werk afwesig is as diegene wat nie aan die maatstawwe voldoen nie (McFarlin en Fals-Stewart 2002:17; Roche, Pidd, Berry en Harrison 2008:738; Wedegaertner, Arnhold-Kerri, Sittaro, Hillemacher, Bleich, Geyer en Te Wildt 2011:125).

Terwyl talle ondersoeke fokus op die impak van alkoholmisbruik op die werkloosheid, verdienste, produktiwiteit en afwesigheid van die alkoholmisbruiker (bv. Elliott en Shelley 2006:130; McFarlin en Fals-Stewart 2002:17; Roche e.a. 2008:738), fokus min ondersoeke op die uitwerking van alkoholmisbruik op alkoholmisbruikers se lewensmaats se loopbane. Tot op hede het die meeste navorsing wat gerapporteer is oor die impak van alkoholverbruik en -misbruik op arbeidsmageienskappe, op mans gefokus – waarskynlik weens mans se hoër koerse van deelname aan die arbeidsmag (Jones en Richmond 2006:849). In 13 uit die 18 deelnemende gesinne aan die huidige ondersoek het die ma in die gesin egter 'n beroep beoefen. Wanneer die ouer wat nie alkohol misbruik nie, in diens geneem is, kan sy/haar eie werksprestasie of aanwesigheidskoers afneem as gevolg van moeilikhede wat by die huis ervaar word (Mongan, Hope en Nelson 2009:16).

Met inagneming van die deelnemers se beskrywings van hoe hul lewensmaats wat alkohol misbruik hul werk verloor het, asook die sosio-ekonomiese status van die deelnemers, is dit soveel te meer noodsaaklik dat die ouer wat nie alkohol misbruik nie, sy/haar werk behou en sy/haar reg uitoefen om sonder spanning 'n produktiewe loopbaan te kan volg. Met 'n toename in die aantal gesinne waarin beide ouers genoodsaak word om beroepe te beoefen, tesame met die wye voorkoms van ondersoeke in verband met die invloed van alkoholmisbruik op die alkoholmisbruiker by die werk, is daar duidelik 'n behoefte aan meer ondersoeke wat fokus op die impak wat ouerlike alkoholmisbruik (met ander woorde die lewensmaat se alkoholmisbruik) op die ouer wat nie alkohol misbruik nie se loopbaan het, en ondersteuningsopsies vir sulke gesinne.

4. Gevolgtrekking

Die doel van hierdie ondersoek was om vas te stel hoe gesinne deur die krisis van ouerlike alkoholmisbruik geraak word vanuit 'n gesinsisteemperspektief. Uit die resultate is dit duidelik dat ouerlike alkoholmisbruik verskeie negatiewe uitwerkings op verskillende terreine van die gesinslewe kan hê. Gebaseer op een van die aannames van die gesinsisteemteorie, naamlik dat die gedrag van een gesinslid noodwendig 'n uitwerking op ander gesinslede tot gevolg het, vloei dit voort dat ouerlike alkoholmisbruik nie net die ouer wat alkohol misbruik negatief beïnvloed nie, maar ook die interaksie en kommunikasie tussen die ander gesinslede. Hierdie invloed van wedersydse interaksies tussen gesinslede, en die

sisteem-aard van gesinsverhoudings word bevestig deur die resultate van die huidige ondersoek, waarin daar gevind is dat ouerlike alkoholmisbruik, volgens deelnemende gesinne, 'n negatiewe uitwerking het op die gesin as geheel, die huwelik, die kinders, asook die gesondheid, loopbane en finansies van gesinslede. Verder raak ouerlike alkoholmisbruik nie net gesinne nie, maar ook die wyer gemeenskap, wat as 'n uitgebreide sosiale sisteem beskou kan word. Hierdie bevindinge is belangrik, aangesien dit 'n leemte vul in die Suid-Afrikaanse literatuur in verband met die subjektiewe ervarings van arm, bruin gesinne in die Wes-Kaap waarin ouerlike alkoholmisbruik voorkom. Hierdie bevindinge kan in ag geneem word in die ontwikkeling van ingrypings vir gesinne waarin alkohol misbruik word.

Die bevinding dat ouerlike alkoholmisbruik nie net die ouers nie, maar ook die kinders in die betrokke gesinne negatief raak, vra om 'n ingrypingsprogram wat alle gesinslede, en nie net die ouer wat alkohol misbruik nie, betrek.

Die insluiting van alle gesinslede by 'n ingrypingsprogram, met spesiale klem op die jeug, hou verband met Bronfenbrenner (1979) se teoretiese grondslag van die ekologie van menslike ontwikkeling. Bronfenbrenner (1979) identifiseer verskillende vlakke van interaksie wat belangrik is vir die verstaan van individuele gedrag, en erken dat die wyer omgewing en ander sisteme 'n invloed het op menslike gedrag. Deur die jeug by 'n ingrypingsprogram te betrek, kan addisionele opvoeding of versorging verskaf word, asook geleentehede geskep word waar jongmense waardevol en gewaardeer kan voel (Benson, Leffert, Scales en Blyth 2012:4). Dit kan ook geleentehede bied om die jeug met sinvolle aktiwiteite besig te hou, wat kan voorkom dat hulle self alkohol begin misbruik. 'n Oorsig deur Foxcroft en Tsertsvadze (2012:131) toon juis dat gesinsgebaseerde voorkomingsingrypings positiewe gevolge vir die voorkoming van alkoholmisbruik in jongmense kan hê, en dat die gevolge van die ingrypings kan voortduur tot in die medium tot lang termyn.

Terwyl ouerlike alkoholmisbruik kinders op verskeie maniere negatief raak, en dus 'n negatiewe uitwerking op die ouer-kind-subsisteem tot gevolg het, kan hierdie probleme versag word deur die verbetering van die funksionering van die gesin (Calhoun, Conner, Miller en Messina 2015:22). 'n Literatuuroorsig deur Calhoun e.a. (2015:15) toon dat ingrypings wat fokus op die verbetering van ouerskapspraktyke en gesinsfunksionering effektief kan wees in die vermindering van probleme in kinders wat deur ouerlike middelmisbruik geaffekteer word. Meer spesifiek is daar gevind dat ouerlike alkoholmisbruik ingrypingsprogramme wat ouerskapsvaardighede tesame met gedragsterapie vir paartjies vir middelmisbruik teiken, die meeste belofte vir die verbetering van gesinsfunksionering inhou, en gevolglik ook vir die gesondheid en welstand van kinders (Calhoun e.a. 2015:22; Lam, Fals-Stewart en Kelley 2008:1080).

Tydens die data-ontleding van hierdie studie is daar onder andere gevind dat alkoholmisbruik soms met huishoudelike geweld gepaardgaan (vergelyk die negatiewe effek van alkoholmisbruik op kinders). Hierdie bevindinge bevestig wat in vorige studies gevind is (Fals-Stewart 2003; Langenderfer 2013; Liang en Chikritzhs 2011:524; Parker 2004:157). Hierdie bevinding het implikasies vir 'n ingrypingsprogram, naamlik dat alkoholmisbruik nie in afsondering hanteer behoort te word nie, maar saam met huishoudelike geweld, aangesien hierdie twee kwessies dikwels hand aan hand gaan. Terwyl die ouer wat alkohol misbruik, hulp kry vir verslawing, behoort die ander gesinslede beskerming teen huishoudelike geweld te ontvang.

'n Amerikaanse loodsstudie is deur Easton, Mandel, Hunkele, Nich, Rounsaville en Carroll (2007) gedoen om die effektiwiteit van 'n 12-sessie kognitiewe gedragsgroep terapie te bepaal. Easton e.a. (2007:24) het 'n geïntegreerde benadering gevolg deur mans tegelykertyd vir alkoholafhanklikheid en huishoudelike geweld te behandel. Die groep wat hierdie behandeling ontvang het, teenoor die groep wat net vir alkoholafhanklikheid behandel is, het 'n beduidende afname in alkoholverbruik getoon, en het ook met verloop van tyd 'n groter afname in die voorkoms van gewelddadige episodes getoon, in vergelyking met die groep wat nie die middelmisbruik- en huishoudelikegeweld-terapie ontvang het nie.

Langenderfer (2013) meen dat deur die gelyktydige voorkoms van alkoholgebruikstoornisse en intiemeleuensmaat-geweld tesame te behandel, teenoor die gebruiklike apartebehandelingsprotokol, persone wat alkoholgebruikprobleme het en gewelddadig is teenoor hul lewensmaats sal sien dat hierdie twee probleme dikwels verweef is of selfs onlosmaaklik is van mekaar.

So ook behoort ander gesinsprobleme wat stressors veroorsaak, soos wat na vore gekom het in die tema in verband met die negatiewe effek van alkoholmisbruik op die gesin, tydens die ingrypingsprogram behandel te word. Hierdie bevinding het 'n invloed op verskeie subsisteme en is 'n aanduiding van die erns van ouerlike alkoholmisbruik.

Volgens Van Amsterdam en Van den Brink (2013:253) fokus beleidsvormers onregverdigbaar op die skade van onwettige dwelms, terwyl hulle die skade van alkoholgebruik onderskat. Die skade wat alkohol aan 'n gemeenskap doen, oorskry dié van onwettige dwelms, aangesien die aantal mense met 'n alkoholgebruikstoornis drie keer meer is as die aantal mense met 'n dwelmgebruikstoornis (Van Amsterdam en Van den Brink 2013:252). Parry en Myers (2011) meen dat Suid-Afrikaanse beleidsmakers eenstemmigheid moet bereik oor hulle beskouing van die verskillende dwelms. Alhoewel alkohol as die mees skadelike dwelm beskou word, is beleidsreaksies nie logies of op bewyse gebaseer nie, aangesien die gebruik van onwettige dwelms gekriminaliseer word, terwyl dit minder skadelik as alkohol is, wat 'n wettige middel is. Alkoholmisbruik behoort daarom net soveel aandag te kry as onwettige dwelmmisbruik, en nie as minder ernstig beskou word nie.

Alhoewel verskeie gesinsingrypings vir ouers wat alkohol misbruik reeds bestaan, meen Kumpfer, Alvarado, Smith en Bellamy (2002:241) egter dat bitter min gesinsingrypings aangepas is om kultureel sensitief vir verskillende etniese groepe te wees. Die meeste universele voorkomingsprogramme is generiese programme wat vir die algemene Amerikaanse kultuur ontwikkel is en sterk beïnvloed is deur wit, middelklas waardes (Kumpfer e.a. 2002:242; Turner 2000:286). Kulturele agtergrond kan houdings teenoor faktore soos gepaste gesinsgedrag, gesinshiërargie, aanvaarbare vlakke van alkoholgebruik en metodes om skaamte en skuldgevoelens te hanteer, affekteer. Om gesinne te dwing om gehoor te gee aan die gebruike van die dominante kultuur, kan wantroue skep en die effektiwiteit van die ingryping verlaag (Kaufman en Yoshioka 2005:49). Dit is daarom noodsaaklik dat 'n ingrypingsprogram binne die gebruike en beskouings van die gesinne se kultuur behoort te val. Aangesien elke kultuur sy eie tradisionele wêreldbeskouings ten opsigte van genesingsbenaderings het (Kumpfer e.a. 2002:242), was die huidige ondersoek spesifiek daarop gemik om die ervarings van die betrokke gesinne vas te vang, sodat riglyne vir 'n ingrypingsprogram vir gesinne van die bruin bevolkingsgroep in die Wes-Kaap ontwikkel kan word.

Buiten dat 'n kultuursensitiewe ingrypingsprogram dus vir die Wes-Kaapse, Afrikaanssprekende, bruin bevolkingsgroep voorgestel word, is dit ook belangrik dat die persone wat die ingryping doen, toeganklik vir deelnemers behoort te wees en dat daar nie kultuur-, ras- of taalhindernisse voorkom nie. Alhoewel 'n ondersoek deur Sodano, Watson, Rataemane, Rataemane, Ntlhe en Rawson (2010:613) gevind het dat die Suid-Afrikaanse middelmisbruikbehandelingswerksmag net soos die Suid-Afrikaanse bevolking divers is in terme van ras, etnisiteit en taal, het die ondersoek slegs klinieke van gevestigde sentrums wat behandelingsprogramme aanbied wat hoog geag word, in die steekproef ingesluit. Die steekproef was dus nie noodwendig verteenwoordigend van arm, voorheen benadeelde, landelike gemeenskappe nie (Sodano e.a. 2010:613). Dit is daarom belangrik dat die aanbieders van 'n ingrypingsprogram behoort ooreen te stem met die deelnemende gesinne in terme van ras, kultuur en/of taal. Die effektiwiteit van 'n ingrypingsprogram hang immers tot 'n groot mate af van die aanbieder se empatie, opregtheid en warmte (Kumpfer en Alvarado 2003:465).

Laastens is dit noodsaaklik dat die uitkomst van 'n ingrypingsprogram na afloop daarvan gemeet word om te bepaal of die program suksesvol was al dan nie. Daar is juis tans min bekend oor die kwaliteit en effektiwiteit van middelmisbruikstoornisbehandelingsdienste in Suid-Afrika (Myers, Petersen, Kader, Koch, Manderscheid, Govender en Parry 2014:7). Die evaluering van 'n ingrypingsprogram hou verskeie voordele vir diensverskaffers in, insluitend die vroeë identifisering van probleme in sekere areas en geleenthede om die program te verbeter (Brown, Topp en Ross 2003:31; Tiet, Byrnes, Barnett en Finney 2006:346). In Suid-Afrika is daar egter net 'n klein aantal middelmisbruikprogramme waar kliënt- en behandelingsuitkomst op 'n roetinebasis geëvalueer word. Die kontroliering en evaluering van kliëntuitkomst in Suid-Afrikaanse middelmisbruikdienste is dus beperk (Myers, Burnhams en Fakier 2010:564), en dit is daarom belangrik om 'n evalueringskomponent deel te laat uitmaak van 'n ingrypingsprogram.

Die negatiewe ervarings van bruin gesinne in die Wes-Kaap in verband met ouerlike alkoholmisbruik beïnvloed verskeie subsysteme binne die gesin, sowel as die wyer, gemeenskapsstelsel in sy geheel. Hierdie probleem kan vanuit 'n sistemiese beskouing verklaar word deur Suid-Afrika se historiese agtergrond van apartheid en die dopstelsel in ag te neem. Die dopstelsel het veranker geword in die lewens van Wes-Kaapse bruin gesinne deur die generasie-oordrag van gesinsprobleme soos in Bowen (1974) se gesinsisteme teorie beskryf, en daarom is dit belangrik om aandag te skenk aan gesinspatrone met verloop van tyd, om sodoende die oordrag van hierdie probleem na die volgende generasies te voorkom.

Bibliografie

Babbie, E. en J. Mouton. 2001. *The practice of social research*. Kaapstad: Oxford University Press.

Bancroft, A., S. Wilson, S. Cunningham-Burley, K. Backett-Milburn en H. Masters. 2004. *Parental drug and alcohol misuse: Resilience and transition among young people*. York: Joseph Rowntree Foundation.

- Barriball, K.L. en A. While. 1994. Collecting data using a semi-structured interview: A discussion paper. *Journal of Advanced Nursing*, 19:328–35.
- Benishek, L.A., K.C. Kirby en K.L. Dugosh. 2011. Prevalence and frequency of problems of concerned family members with a substance-using loved one. *The American Journal of Drug and Alcohol Abuse*, 37:82–8.
- Benson, P.L., N. Leffert, P.C. Scales en D.A. Blyth. 2012. Beyond the “village” rhetoric: Creating healthy communities for children and adolescents. *Applied Developmental Science*, 16(1):3–23.
- Bowen, M. 1974. Alcoholism as viewed through family systems theory and family psychotherapy. *Annals of the New York Academy of Sciences*, 233:115–22.
- Braun, V. en V. Clarke. 2006. Using thematic analysis in psychology. *Qualitative Research in Psychology*, 3(2):77–101.
- Broderick, C.B. 1993. *Understanding family process: Basics of family systems theory*. Newbury Park, Kalifornië: Sage Publications.
- Bronfenbrenner, U. 1979. *The ecology of human development*. VSA: Harvard University Press.
- Brown, J. 1999. Bowen family systems theory and practice: Illustration and critique. *Australian and New Zealand Journal of Family Therapy*, 20(2):94–103.
- Brown, T.G., J. Topp en D. Ross. 2003. Rationales, obstacles and strategies for local outcome monitoring systems in substance abuse treatment settings. *Journal of Substance Abuse Treatment*, 24:31–42.
- Bryden, A., B. Roberts, M. McKee en M. Petticrew. 2012. A systematic review of the influence on alcohol use of community level availability and marketing of alcohol. *Health & Place*, 18:349–57.
- Burke, S., V. Schmied en M. Montrose. 2006. *Parental alcohol misuse and the impact on children*. Nieu-Suid-Wallis: Departement van Gemeenskapsdiens.
- Calhoun, S., E. Conner, M. Miller en N. Messina. 2015. Improving the outcomes of children affected by parental substance abuse: A review of randomized controlled trials. *Substance Abuse and Rehabilitation*, 6:15–24.
- Carle, A.C. en L. Chassin. 2004. Resilience in a community sample of children of alcoholics: Its prevalence and relation to internalizing symptomatology and positive affect. *Applied Developmental Psychology*, 25:577–95.
- Cassetty, S.B. 2012. Raise your glass high. *Good Housekeeping*.
<http://go.galegroup.com/ps/i.do?id=GALE%7CA274874134&v=2.1&u=27uos&it=r&p=AO NE&sw=w&asid=62bc960d611db3103b3c58f7989f5b41> (12 Desember 2014 geraadpleeg).

Census 2011 – Main Place. 2011. <http://census2011.adrianfrith.com/place/176006> (9 Julie 2014 geraadpleeg).

Christoffersen, M.N. en K. Soothill. 2003. The long-term consequences of parental alcohol abuse: A cohort study of children in Denmark. *Journal of Substance Abuse Treatment*, 25:107–16.

Cohn, T.J., J.H. Foster en T.J. Peters. 2003. Sequential studies of sleep disturbance and quality of life in abstaining alcoholics. *Addiction Biology*, 8:455–62.

Conners, J.V. en R.B. Caple. 2005. A review of group systems theory. *The Journal for Specialists in Group Work*, 30(2):93-110.

Conroy, D.A. en J.T. Arnedt. 2014. Sleep and substance use disorders: An update. *Current Psychiatry Reports*, 16(10):487–96.

Cox, R.D. 2012. Teaching qualitative research to practitioner-researchers. *Theory into Practice*, 51(2):129–36.

Easton, C.J., D.L. Mandel, K.A. Hunkele, C. Nich, B.J. Rounsaville en K.M. Carroll. 2007. A cognitive behavioral therapy for alcohol-dependent domestic violence offenders: An integrated substance abuse-domestic violence treatment approach (SADV). *The American Journal on Addictions*, 16:24–31.

Elliott, K. en K. Shelley. 2006. Effects of drugs and alcohol on behavior, job performance, and workplace safety. *Journal of Employment Counseling*, 43(3):130–4.

Fals-Stewart, W. 2003. The occurrence of partner physical aggression on days of alcohol consumption: A longitudinal diary study. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 1(1):41–52.

Foxcroft, D.R. en A. Tsertsvadze. 2012. Universal alcohol misuse prevention programmes for children and adolescents: Cochrane systematic reviews. *Perspectives in Public Health*, 132(3):128–34.

Freisthler, B. 2004. A spatial analysis of social disorganization, alcohol access, and rates of child maltreatment in neighborhoods. *Children and Youth Services Review*, 26:803–19.

—. 2011. Alcohol use, drinking venue utilization, and child physical abuse: Results from a pilot study. *Journal of Family Violence*, 26:185–93.

Freisthler, B., L.T. Midanik en P.J. Gruenewald. 2004. Alcohol outlets and child physical abuse and neglect: Applying routine activities theory to the study of child maltreatment. *Journal of Studies on Alcohol*, 65(5):586–92.

Freisthler, B., B. Needellen P.J. Gruenewald. 2005. Is the physical availability of alcohol and illicit drugs related to neighborhood rates of child maltreatment? *Child Abuse & Neglect*, 29:1049–60.

- Fritz, K., N. Morojele en S. Kalichman. 2010. Alcohol: The forgotten drug in HIV/AIDS. *Lancet*, 376(9739):398-400.
- Gruenert, S. en M. Tsantefski. 2012. Responding to the needs of children and parents in families experiencing alcohol and other drug problems. *Prevention Research Quarterly*, 17:1–16.
- Harker, N., R. Kader, B. Myers, N. Fakier, C. Parry, A.J. Flisher, K. Peltzer, S. Ramlagan en A. Davids. 2008. *Substance abuse trends in the Western Cape: A review of studies conducted since 2000*. Wes-Kaap: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Hayley, J. 1996. *Learning and teaching therapy*. New York: The Guilford Press.
- Hensing, G. 2012. The health consequences of alcohol and drug abuse. *Scandinavian Journal of Public Health*, 40:211–28.
- Hill, S.Y., S. Shen, L. Lowers, J. Locke-Wellman, A.G. Matthews en M. McDermott. 2008. Psychopathology in offspring from multiplex alcohol dependence families with and without parental alcohol dependence: A prospective study during childhood and adolescence. *Psychiatry Research*, 160:155–66.
- Hill, S.Y., K.D. Tessner en M.D. McDermott. 2011. Psychopathology in offspring from families of alcohol dependent female probands: A prospective study. *Journal of Psychiatric Research*, 45:285–94.
- Holloway, I. en L. Todres. 2003. The status of method: Flexibility, consistency and coherence. *Qualitative Research*, 3(3):345–57.
- Horton, J., R. Macve en G. Struyven. 2004. Qualitative research: Experiences in using semi-structured interviews. In Humphrey en Lee (reds.) 2004.
- Humphrey, C. en B.H.K. Lee (reds.). 2004. *The real life guide to accounting research: A behind-the-scenes view of using qualitative research methods*. Nederland: Elsevier.
- Johnson, B.E. en W.A. Ray. 2016. Family systems theory. *The Wiley Blackwell Encyclopedia of Family Studies*, 1–5.
- Jones, A.S. en D.W. Richmond. 2006. Causal effects of alcoholism on earnings: Estimates from the NLSY. *Health Economics*, 15:849–71.
- Junghanns, K., R. Horbach, D. Ehrental, S. Blank en J. Backhaus. 2009. Chronic and high alcohol consumption has a negative impact on sleep and sleep-associated consolidation of declarative memory. *Alcoholism: Clinical and Experimental Research*, 33(5):893–7.
- KDBS [Kaapstad Dwelomberadingsentrum]. 2009. *It's closer to home than you think: Annual report*. Kaapstad: Kaapstad Dwelomberadingsentrum.
- . 2012. *Annual Report 2012*. Kaapstad: Kaapstad Dwelomberadingsentrum.

- Kaufman, E. en M.R.M. Yoshioka. 2005. *Substance abuse treatment and family therapy: A treatment improvement protocol TIP 39*. Maryland: Centre for Substance Abuse Treatment.
- Kearns-Bodkin, J.N. en K.E. Leonard. 2005. Alcohol involvement and marital quality in the early years of marriage: A longitudinal growth curve analysis. *Alcoholism: Clinical & Experimental Research*, 29(12):2123–34.
- Kishor, M., L. Pandit en R. Raguram. 2013. Psychiatric morbidity and marital satisfaction among spouses of men with alcohol dependence. *Indian Journal of Psychiatry*, 55(4):360–5.
- Kroll, B. 2004. Living with an elephant: Growing up with parental substance misuse. *Child and Family Social Work*, 9:129–40.
- Kumpfer, K.L. en R. Alvarado. 2003. Family-strengthening approaches for the prevention of youth problem behaviors. *American Psychologist*, 58(6):457–65.
- Kumpfer, K.L., R. Alvarado, P. Smith en N. Bellamy. 2002. Cultural sensitivity and adaptation in family-based prevention interventions. *Prevention Science*, 3(3):241–6.
- Lam, W.K., W. Fals-Stewart en M.L. Kelley. 2008. Effects of parent skills training with behavioral couples therapy for alcoholism on children: A randomized clinical pilot trial. *Addictive Behaviors*, 33:1076–80.
- Langenderfer, L. 2013. Alcohol use among partner violent adults: Reviewing recent literature to inform intervention. *Aggression and Violent Behaviour*, 18:152–8.
- Laslett, A., R. Room, P. Dietze en J. Ferris. 2012. Alcohol's involvement in recurrent child abuse and neglect cases. *Addiction*, 107:1786–93.
- Leech, B.L. 2002. Asking questions: Techniques for semistructured interviews. *Political Science and Politics*, 35(4):665–8.
- Liang, W. en T. Chikritzhs. 2011. Revealing the link between licensed outlets and violence: Counting venues versus measuring alcohol availability. *Drug and Alcohol Review*, 30:524–35.
- Livingston, M., C. Wilkinson en A. Laslett. 2010. Impact of heavy drinkers on others' health and well-being. *Journal of Studies on Alcohol and Drugs*, 71:778–85.
- London, L. 1999. The “dop” system, alcohol abuse and social control amongst farm workers in South Africa: A public health challenge. *Social Science & Medicine*, 48:1407–14.
- Lopez, K.A. en D.G. Willis. 2004. Descriptive versus interpretive phenomenology: Their contributions to nursing knowledge. *Qualitative Health Research*, 14(5):726–35.
- Mager, A. 2004. “White liquor hits black livers”: Meanings of excessive liquor consumption in South Africa in the second half of the twentieth century. *Social Science & Medicine*, 59:735–51.

- Maiden, R.P. 2001. Substance abuse in the new South Africa: Bitter irony of a fledgling democracy. *Employee Assistance Quarterly*, 16(3):65–82.
- Margolin, G., M.C. Ramos, B.R. Baucom, D.C. Bennett en E.L. Guran. 2013. Substance use, aggression perpetration, and victimization: Temporal co-occurrence in college males and females. *Journal of Interpersonal Violence*, 28(14):2849–72.
- Matua, G.A. en D.M. Van der Wal. 2015. Differentiating between descriptive and interpretive phenomenological research approaches. *Nursing Research*, 22(6):22–7.
- Matzopoulos, R., A. Lasarow en B. Bowman. 2013. A field test of substance use screening devices as part of routine drunk-driving spot detection operating procedures in South Africa. *Accident Analysis and Prevention*, 59:118–24.
- McFarlin, S.K. en W. Fals-Stewart. 2002. Workplace absenteeism and alcohol use: A sequential analysis. *Psychology of Addictive Behaviors*, 16(1):17–21.
- Meredith, V. en R. Price-Robertson. 2011. *Alcohol misuse and child maltreatment*. Melbourne: Australian Institute of Family Studies.
- Mertens, J.R., A.J. Flisher, C.L. Ward, G.F. Bresick, S.A. Sterling en C.M. Weisner. 2009. Medical conditions of hazardous drinkers and drug users in primary care clinics in Cape Town, South Africa. *Journal of Drug Issues*, 39(4):75796776.
- Minuchin, P. 1985. Families and individual development: Provocations from the field of family therapy. *Child Development*, 56:289–302.
- Minuchin, S. 1974. *Families and family therapy*. Cambridge: Harvard University Press.
- Minuchin, S., E. Auerswald, C.H. King en C. Rabinowitz. 1964. The study and treatment of families that produce multiple acting-out boys. *American Journal of Orthopsychiatry*, 34:125–33.
- Mongan, D., A. Hope en M. Nelson. 2009. *Social consequences of harmful use of alcohol in Ireland*. Dublin: Health Research Board.
- Moos, R.H., P.L. Brennan, K.K. Schutte en B.S. Moos. 2010. Spouses of older adults with late-life drinking problems: Health, family, and social functioning. *Journal of Studies on Alcohol and Drugs*, 71:506–14.
- Morojele, N.K., L. London, S.A. Olorunju, M.J. Matjila, A.S. Davids en K.M. Rendall-Mkosi. 2010. Predictors of risk of alcohol-exposed pregnancies among women in an urban and a rural area of South Africa. *Social Science and Medicine*, 70:534–42.
- Morojele, N.K., S. Nkosi, C.T. Kekwaletswe, A. Saban en C.D.H. Parry. 2013. *Review of research on alcohol and HIV in Sub-Saharan Africa*. Suid-Afrika: Mediese Navorsingsraad.

- Myers, B.J., N.H. Burhams en N. Fakier. 2010. Monitoring and evaluation of substance abuse services in South Africa: Implications for policy and practice. *International Journal of Mental Health Addiction*, 8:557–65.
- Myers, B.J., J. Louw en S.C. Pasche. 2011. Gender differences in barriers to alcohol and other drug treatment in Cape Town, South Africa. *African Journal of Psychiatry*, 14:146–53.
- Myers, N.J., Z. Petersen, R. Kader, J.R. Koch, R. Manderscheid, R. Govender en C.D.H. Parry. 2014. Identifying perceived barriers to monitoring service quality among substance abuse treatment providers in South Africa. *BMC Psychiatry*, 14:31–41.
- Nasionale Gesondheids- en Mediese Navorsingsraad. 2012. *Ethical issues in research into alcohol and other drugs: An issues paper exploring the need for a guidance framework*. Australië: Nasionale Gesondheids- en Mediese Navorsingsraad.
- Norman, R., R. Matzopoulos, P. Groenewald en D. Bradshaw. 2007. The high burden of injuries in South Africa. *Bulletin of the World Health Organization*, 85:695–702.
- Nova, E., G.C. Baccan, A. Veses, B. Zapatera en A. Marcos. 2012. Potential health benefits of moderate alcohol consumption: Current perspectives in research. *Proceedings of the Nutrition Society*, 71:307–15.
- O'Farrell, T.J., C.M. Murphy, T.M. Neavins en V. van Hutton. 2000. Verbal aggression among male alcoholic patients and their wives in the year before and two years after alcoholism treatment. *Journal of Family Violence*, 15(4):295–310.
- Parker, R.N. 2004. Alcohol and violence: Connections, evidence and possibilities for prevention. *Journal of Psychoactive Drugs*, 36(2):157–63.
- Parry, C.D.H. 2005. South Africa: alcohol today. *Addiction*, 100:426–29.
- Parry, C.D.H. en B. Myers. 2011. Beyond the rhetoric: Towards a more effective and humane drug policy framework in South Africa. *South African Medical Journal*, 101(10):704–6.
- Parry, C.D.H., B. Myers en M. Thiede. 2003. The case for an increased tax on alcohol in South Africa. *South African Journal of Economics*, 71(2):266–82.
- Parry, C.D.H., J. Patra en J. Rehm. 2011. Alcohol consumption and non-communicable diseases: Epidemiology and policy implications. *Addiction*, 106(10):1718–24.
- Plüddemann, A., S. Dada, C. Parry, A. Bhana, S. Bachoo, T. Perreira, E. Nel, T. Mncwabe, W. Gerber en K. Freytag. 2010. Monitoring alcohol and drug abuse trends in South Africa (July 1996–June 2010). *South African Community Epidemiology Network on Drug Use Research Brief*, 13(2):1–15.
- Plüddemann, A., C. Parry, P. Cerff, A. Bhana, N. Harker, H. Potgieter, W. Gerber en C. Johnson. 2006. Monitoring alcohol and drug abuse trends in South Africa (July 1996–June 2006). *South African Community Epidemiology Network on Drug Use Research Brief*, 9(2):1–11.

Poon, E., D.A. Ellis, H.E. Fitzgerald en R.A. Zucker. 2000. Intellectual, cognitive, and academic performance among sons of alcoholics during the early school years: Differences related to subtypes of familial alcoholism. *Alcoholism: Clinical and Experimental Research*, 24(7):1020–7.

Preuss, U.W., M.A. Schuckit, T.L. Smith, S. Barnow en G.P. Danko. 2002. Mood and anxiety symptoms among 140 children from alcoholic and control families. *Drug and Alcohol Dependence*, 67:235–42.

PRWK [Provinsiale Regering van die Wes-Kaap]. 2010. *Modernisation programme: Workstream on the prevention and treatment of harmful alcohol and drug use*. Wes-Kaap: Provinsiale Regering van die Wes-Kaap.

Qu, S.Q. en J. Dumay. 2011. The qualitative research interview. *Qualitative Research in Accounting & Management*, 8(3):238–64.

Rajendran, N.S. 2001. Verrigtinge van die Qualitative Research Convention 2001: Navigating Challenges: *Dealing with biases in qualitative research: A balancing act for researchers*. Malaya: Kuala Lumpur.

Regular moderate alcohol intake has cognitive benefits in older adults. 2009. *Heart Disease Weekly*. <http://go.galegroup.com/ps/i.do?id=GALE%7CA204257206&v=2.1&u=27uos&it=r&p=AONE&sw=w&asid=0d7e13b56dd900df412c966f2d61ba5a> (12 Desember 2014 geraadpleeg).

Rehm, J., D. Baliunas, G.L.G. Borges, K. Graham, H. Irving, T. Kehoe, C.D. Parry, J. Patra, S. Popova, V. Poznyak, M. Roerecke, R. Room, A.V. Samokhvalov en B. Taylor. 2010. The relation between different dimensions of alcohol consumption and burden of disease: An overview. *Addiction*, 105:817–43.

Reiners, G.M. 2012. Understanding the differences between Husserl's (descriptive) and Heidegger's (interpretive) phenomenological research. *Journal of Nursing Care*, 1(5):119.

Richter, L., P. Chatterji en J. Pierce. 2000. Perspectives on family substance abuse: The voices of long-term Al-Anon members. *Journal of Family Social Work*, 4(4):61–78.

Ripley, J.S., A. Cunion en N. Noble. 2006. Alcohol abuse in marriage and family contexts. *Alcoholism Treatment Quarterly*, 24(1):171–84.

Roche, A.M., K. Pidd, J.G. Berry en J.E. Harrison. 2008. Workers' drinking patterns: The impact on absenteeism in the Australian work-place. *Addiction*, 103:738–48.

Rothschild, M.L., B. Mastin en T.W. Miller. 2006. Reducing alcohol-impaired driving crashes through the use of social marketing. *Accident Analysis and Prevention*, 38:1218–30.

Setlalonga, B.M., P.T. Pisa, G.N. Thekiso, E.H. Ryke en D.T. Loots. 2010. The social aspects of alcohol misuse/abuse in South Africa. *South African Journal of Clinical Nutrition*, 23(3):S11–15.

- Sloan, A. en B. Bowe. 2013. Phenomenology and hermeneutic phenomenology: The philosophy, the methodologies, and using hermeneutic phenomenology to investigate lecturers' experiences of curriculum design. *Quality & Quantity*, 48:1291–303.
- Smith, J.A. (red). 2008). *Qualitative psychology: A practical guide to research methods*. Londen: SAGE Publications.
- Smith, J.A. en M. Osborn. 2008. Interpretative phenomenological analysis. In Smith (red.). 2008.
- Sodano, R., D.W. Watson, S. Rataemane, L. Rataemane, N. Ntlhe en R. Rawson. 2010. The substance abuse treatment workforce of South Africa. *International Journal of Mental Health Addiction*, 8:608–15.
- Stanley, S. 2012. Interactional dynamics in alcohol-complicated marital relationships: A study from India. *Marriage & Family Review*, 48(6):583–600.
- Starks, H. en S.B. Trinidad. 2007. Choose your method: A comparison of phenomenology, discourse analysis, and grounded theory. *Qualitative Health Research*, 17(10):1372–80.
- Sukhai, A., M. Seedat, E. Jordaan en D. Jackson. 2005. A city-level study of aggressive road behaviours: Magnitude, and predictors and implications for traffic safety. *South African Journal of Psychology*, 35(2):244–69.
- Tempier, R., R. Boyer, J. Lambert, K. Mosier en C.R. Duncan. 2006. Psychological distress among female spouses of male at-risk drinkers. *Alcohol*, 40:41–9.
- Terza, J.V. 2002. Alcohol abuse and employment: A second look. *Journal of Applied Econometrics*, 17(4):393–404.
- The Bowen Centre – Theory. 2016. <https://www.thebowncenter.org/theory> (18 Mei 2016 geraadpleeg).
- The Bowen Centre – Triangles. 2016. <http://www.thebowncenter.org/theory/eight-concepts/triangles> (5 September 2016 geraadpleeg).
- Thavorncharoensap, M., Y. Teerawattananon, J. Yothasamut, C. Lertpitakpong en U. Chaikledkaew. 2009. The economic impact of alcohol consumption: A systematic review. *Substance Abuse Treatment, Prevention, and Policy*, 4(20).
- Tiet, Q.Q., H.F. Byrnes, P. Barnett en J.W. Finney. 2006. A practical system for monitoring the outcomes of substance use disorder patients. *Journal of Substance Abuse Treatment*, 30:337–47.
- Turner, W.L. 2000. Cultural considerations in family-based primary prevention programs in drug abuse. *The Journal of Primary Prevention*, 21(2):285–303.
- Van Amsterdam, J. en W. van den Brink. 2013. The high harm score of alcohol. Time for drug policy to be revisited? *Journal of Psychopharmacology*, 27(3):248–55.

Van den Berg, E. 2016. Die identifisering, beskrywing en riglyne vir die ontwikkeling van veerkragtigheidskenmerke in gesinne waarvan 'n ouer alkohol misbruik: 'n gesinspektief. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Van Heerden, M.S., A.T. Grimsrud, S. Seedat, L. Myer, D.R. Williams en D.J. Stein. 2009. Patterns of substance use in South Africa: Results from the South African stress and health study. *South African Medical Journal*, 99(5):358–66.

Visser, M. 2007. Systems theory. In Visser (red.) 2007.

Visser, M. (red.). 2007. *Contextualising community psychology in South Africa*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Von Bertalanffy, L. 1968. *General system theory: Foundations, development, applications*. Universiteit van Michigan: G. Braziller.

Wedegaertner, F., S. Arnhold-Kerri, N.A. Sittaro, T. Hillemacher, S. Bleich, S. Geyer en B. te Wildt. 2011. Alcohol-related absence from work and hospital treatment are associated with higher mortality and permanent disability among workers. *European Psychiatry*, 26:125.

WGO [Wêreldgesondheidsorganisasie]. 2007. *WHO expert committee on problems related to alcohol consumption*. Switserland: Wêreldgesondheidsorganisasie.

—. 2011. *Global status report on alcohol and health*. Switserland: Wêreldgesondheidsorganisasie.

WHO. 2007. Sien WGO 2007.

—. 2011. Sien WGO 2011.